# Dagstukkies 6

## Inspirerende Gedagtes uit Die Woord

VOLUME 6

Danie Nell

# DAGSTUKKIES (NO. 6)

**Die eerste 500 "Dagstukkies"**

**was selfs vir my 'n geestelike verkwikking.**

**My passie was nog altyd om "vars en skerp" te bly.**

**Gelukkig is God se Woord soos 'n skerp swaard.**

**Dit is altyd "vars" asof dit laasnag vir ons geskryf was!**

**Tydens die laaste 100 "Dagstukkies"**

**het ek ook kort notas nageslaan waar ek dit iewers**

**aangeteken het, toe die Here met my gepraat het.**

**Veral die notas wat ek nie preke van gemaak het nie.**

**Ek is seker dat jy self ook baie notas deur die jare**

**gemaak het wat vir jou baie beteken het.**

**Hoekom skryf jy nie 'n kort stukkie daaroor nie?**

Danie Nell (Jeffreysbaai)

Epos adres: danienell.1937@gmail.com

ISBN 978-0-620-55271-4

## God as onse Vader

**Matthéüs 6:9,10** *"Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat U Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde..."*

Die algemene taal in Christus se tyd was Aramees. Die woord "Vader" in Aramees is "abba" en dit beteken "pappie." God is voorwaar ons hemelse Vader.
Jesus het in Getsémané só gebid: *"Abba, Vader, alle dinge is vir U moontlik; neem hierdie beker van My weg; nogtans nie wat Ek wil nie, maar wat U wil."* (Markus 14:36)
En in Rom. 8:15 skryf Paulus: *"Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader!"* Dit is asof hy ons wil leer om "Pappie – Vader" te sê.
Negatiewe opvoeding kan keer dat iemand nie maklik vir God as "Vader" aanspreek nie. Daar kan 'n blokkasie in iemand se denke wees omdat hy nog nie God ontmoet het as "Vader" nie. God, wat ons Vader is, is ons Skepper. (Hand. 17:28) Hy is die een wat ons beskerm. Daarby is Hy die een wat vir ons voorsien in al ons behoeftes. Hoor wat sê Jesus in Matt. 6:31,32: *"Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie?...want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het."* Indien jy Hom vertrou vir voorsiening – hou vas aan hierdie teks.
Hy is ook 'n Vader wat vertroos. Die Boodskap vertaal 2 Kor. 1:3,4 met: *"...As ons Vader oorstroom Hy ons met Sy goedheid. As ons God troos Hy ons. Hy staan by ons en help ons in al ons krisisse..."*

Jy hoef nie vir God "Pappie" te sê nie – kom nader aan Hom.
God moet nie vêr weg wees nie – raak bewus dat Hy naby is.
Praat met Hom met groot respek, maar as jou hemelse Vader.

# God se hart is – Vergifnis

**Ps. 103:8,12** *"Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en groot van goedertierenheid...So ver as die Ooste verwyderd is van die Weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons."*
Die Boodskap: *"Die Here se hart is baie sag. Hy gee graag goeie dinge aan ons. Hy is geduldig. Hy het Sy kinders baie lief...So ver as wat die verste punt in die heelal van ons af is, so groot, en nog groter, is die Here se liefde vir elkeen wat Hom dien."*

Wie kan werklik God se hart beskrywe? Een ding is vir ons baie duidelik, en dit is dat Hy 'n God is wat vergewe. En wanneer God ons vergewe het dan neem Hy dit so ver weg dat ons dit nooit weer sal raakloop nie. Die Bybel sê nie dat Hy ons sondes verwyder so ver as die Noorde van die Suide is nie – want dit kan bepaal word. Maar God verwyder ons sondes so ver as die Ooste is van die Weste – en dit kan nie bepaal word nie. Daar is geen plek dat ons kan sê dit is Wes nie, terwyl ons kan sê waar die Noordpool is.
Watter voorreg was dit vir my om 'n jongman in die Wimpy voor te kon gaan in gebed toe hy hom tot God bekeer het. In trane het hy na Christus gekom. Die ete wat ek moes betaal was oor-en-oor die moeite werd. Ek sal gereeld iemand se ete wil betaal as ek die voorreg sou hê om hom aan 'n God voor te stel, wat 'n hart van vergifnis het. Want soos die vader in die verhaal van die verlore seun, gehardloop het om sy seun terug te verwelkom, net so wil Hy as Vader dit vir ons doen. Dit is in elk geval God se begeerte dat almal tot bekering moet kom.
1 Tim. 2:3,4 *"Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom."*

Die hart van die evangelie draai om die boodskap van vergifnis. Dank jy nog God gereeld dat Hy ook jou sondes vergewe het? Kry iemand wat jy na Jesus kan lei – Die Wimpy werk vir my!

## God se hart is – Groei

**1 Kor. 3:6,7** *"Ek het geplant, Apollos het natgemaak (versorg) maar God het laat groei. So is dan hy wat plant of hy wat natmaak, niks nie, maar God wat laat groei."*
Die Boodskap: *"Ek het die saad van die evangelie in julle hart geplant en Apollos het dit nat gehou, maar dit was God wat gesorg het dat daardie saad groei. Wie dink julle is nou eintlik die belangrikste van hierdie drie? Natuurlik God wat daardie saad lewe gee en dit laat groei."*

Om "te plant" is om die evangelie te verkondig. Om "water te gee" is om te versorg. Wêreldwyd word die evangelie ("geplant") verkondig – maar die probleem is dat dit wat geplant is nie altyd na wense versorg word nie. As ons groei wil sien moet ons weer gaan kyk na dié gedeelte in die Bybel oor die liggaam van Christus, wat ons vind in 1 Kor. 12. Veral wat ons lees in vers 25: *"...dat die lede gelyke sorg vir mekaar mag dra."* Indien ons werlike groei wil sien in ons gemeente moet ons mense versorg word.
Groei is die enigste bewys van 'n gesonde lewe. Meubels kan nie groei nie. Daar is vêr teveel "meubels" in die kerk. Mense wat net mooi lyk maar nie vrug dra nie.
As jy geestelike groei in jou lewe wil sien dan moet jou "wortelstelsel" (jou binneste) diep geanker wees in God se Woord. Dit is dan dat jy geestelike vrug sal voortbring sodat ander dit kan geniet. (Gal. 5:22) Vrugte aan 'n boom is bedoel dat ander mense dit kan geniet. Jou geestelike vrug moet jou lewe so vul dat hulle wat met jou in kontak kom, sal geniet wat jy kan bied. In dié verband lees gerus weer Matt. 5:16.

Ek vertrou jy het 'n brandende begeerte om geestelik te groei? Jou liefde vir die Bybel en gebed sal sê of groei vir jou belangrik is.
As groei die enigste bewys van 'n gesonde lewe is – is jy tevrede met jouself?

**"Kom, laat ons aanbid en neerbuk..."**

**Psalm 95:6** *"Kom, laat ons aanbid en neerbuk; laat ons kniel voor die Here wat ons gemaak het."*

Die Lewende Bybel: *"Kom ons buig voor die Here om Hom te aanbid, kom ons kniel voor Hom wat ons gemaak het."*

Ons hoogste roeping is om God te aanbid. Daar is niks groter om te doen as juis dit nie. Volgens Joh. 4:23,24 soek God mense wat Hom in gees en waarheid sal aanbid. As ons 'n studie in die Bybel maak van die woord "aanbidder" sal ons vind dat dit beteken om 'n "toegewyde bewonderaar" te wees. Ons aanbid Hom omdat Hy ons vergewe het; ons genees het; ons uit duisternis gebring het tot Sy wonderbare lig. Ons het baie redes om God te aanbid en voor Hom te kniel.

God begeer dat wanneer ons Hom aanbid moet ons dit altyd in opregtheid doen. Dawid was 'n persoon wat kon sê: *"Doen aan my reg, o Here, want ék wandel in my opregtheid en vertrou op die Here sonder om te wankel. Toets my, Here, en beproef my, keur my niere en my hart..."* (Ps. 26:1-3)

Dit is so maklik om God te aanbid in tye van voorspoed en gesondheid – maar is ons ook gereed om te aanbid wanneer dit nie so goed gaan met ons nie? Het jy nie ook agtergekom dat daar tye is dat jy makliker God aanbid as ander tye nie? In daardie "af" tye moet jy met jouself ernstig praat soos wat ons lees in Ps. 42:12: *"Wat buig jy jou neer, o my siel, en wat is jy onrustig in my? Hoop op God, want ek sal Hom nog loof – die verlossing van my aangesig en my God!"*

God verdien die beste aanbidding wat ons Hom kan gee.
Vertel Hom dikwels waaroor jy so dankbaar is.
Aanbidding is nie net iets in die kerk nie – maar 'n leefwyse!

## Getsémané was vir jou

**Markus 14:32** *"Toe kom hulle in 'n plek waarvan die naam Getsémané was. En Hy sê vir Sy dissipels: Sit hier onderwyl Ek gaan bid"*

Die Boodskap: *"Van daar af is hulle Getsémané toe. Dit is die plek net buite Jerusalem waar mense graag onder die bome uitgekamp het. Daar aangekom, sê Jesus vir Sy volgelinge: Wag hier, Ek gaan bid."*

Getsémané beteken "oliepers" en dit is aan die voet van die Olyfberg. Dit was die naam van die plek omdat daar baie Olyfbome was en 'n olyfpers.
Ek het die eerste keer die voorreg gehad om Getsémané te besoek in 1969 waar, op daardie stadium, nog agt olyfbome gegroei het. Dit was vir my 'n hoogtepunt in ons toer omdat Jesus die nag voor Sy kruisiging daar ernstig vir die mensdom gebid het. Omdat ek vertel was dat 'n olyfboom een draai, elke 17 jaar in sy stam gee, het ek die draaie probeer tel in een van daardie olyfbome. Ek wou vasstel of hulle al 2000 jaar daar was. Daar was geen twyfel nie – hierdie bome was daar in Jesus se tyd.
Getsémané was die plek waar Jesus, die Roos van Saron, stukkend gebreek was sodat Sy geur aan jou en my kan kleef. Ek verstaan waarom die Bybel praat dat ons 'n aangename geur van Christus moet wees. (2 Kor. 2:15)
Olyfolie was gebruik om erkening te gee as God teenwoordig was. (Gen. 28:18) Olyfolie was gebruik om priesters en konings af te sonder. (Ex. 29 en 1 Sam. 10) Olyfolie was ook gebruik om lig in die Tabernakel te gee. (Ex. 27:20)

In Getsémané het Jesus gebid dat Sy sweet soos bloeddruppels geword het. (Luk. 22:44)
In Getsémané was Jesus bereid om die bitter-beker te drink.
In Getsémané het Jesus aan ons gedink – loof Hom daarvoor!

## **‘n Gebroke hart**

**Psalm 51:19** *"Die offers van God is ‘n gebroke gees; ‘n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie."*

Dawid was platgeslaan deur verkeerde dinge wat hy gedoen het. Hy staan skuldig voor God. (verse 1-3) Maar toe hy met ‘n gebroke hart na God gegaan het, was hy weer in sy verhouding met die Here herstel.
Is gebrokenheid ‘n skande vir ‘n groot man nie? Daar is mos ‘n gesegde wat sê: *"Cowboys don't cry."* Wat dink ons dan van Jeremia wat gesê het: *"Ag, was my hoof maar water en my oog ‘n fontein van trane! Dan sou ek dag en nag beween die wat verslaan is van die dogters van my volk."* (Jer. 9:1)
Probeer trane as jy weer met iemand praat oor sy geestelike toestand. Ek dink aan die storie van die beskeie kerkraadslid. Hy het op ‘n baie koue winterdag ‘n geharde grofsmit besoek, terwyl hyself baie siek was. Al wat hy gedoen het was om sy hand op die grofsmit te plaas en te ween. Daarna is hy huistoe. Hierdie gebaar het gelei tot die bekering van daardie grofsmit.
‘n Kaptein van die Heilsleer (Salvation Army) het hul leier, generaal Booth, laat weet die plek waar hy werk is nie maklik nie, want die mense is so hard. Die antwoord wat hy ontvang het was: "Probeer trane."
Toe Hiskia met ‘n gebroke hart na God gaan, het die Here nog vyftien jaar by sy lewe gevoeg. Ons lees hierdie woorde in 2 Kon. 20:5 *"Ek het jou gebed gehoor, Ek het jou trane gesien. Kyk Ek sal jou gesond maak..."*
Oor trane het Dawid eenmaal hierdie woorde uitgeroep: *"...hou my trane in U kruik; is hulle nie in U boek nie?"* (Ps. 56:9)

Wanneer laas het ons geween oor verlore siele?
Ween nie oor alles nie – maar stort gerus jou hart uit voor God.
Ondersoek self jou hart, want net jy sal weet of dit sag is.

## Fris en lewenskragtig

**Psalm 92:15** *"Selfs in hulle ouderdom sal hulle nog toeneem in krag. Hulle sal fris en lewenskragtig wees."*
New King James: *"They shall still bear fruit in old age. They shall be fresh [full of sap and spiritual vitality] and flourishing."*

Hierdie woorde "fris en lewenskragtig" verwys nie soseer na 'n liggaamlike toestand nie, maar na die toestand van ons innerlike mens.
2 Kor 4:16 *"...al vergaan ons uiterlike mens ook, nogtans word die innerlike mens dag na dag vernuwe."* Een ding is baie duidelik – dit is God se begeerte – dat ons 'n oorvloedige lewe sal leef.
Wie is die "hulle" wat in ons teks genoem word? Dit is diegene wat kan getuig dat God hulle gesalf het met vars olie. (vers 11) Want wanneer God se Gees op my gees rus gee Hy my krag en outoriteit in my lewe.
Iemand wat "fris en lewenskragtig" wil leef is 'n persoon wie se oë en ore nie gefokus is op die negatiewe en verkeerde dinge in die lewe nie. (vers 12) Hierdie persone stel nie belang om eers te luister na nikswerd praatjies nie.
Iemand wat fris en lewenskragtig wil leef is ook een wat geestelik bly groei en wat geanker is in die Here. (vers 13,14)
Besluit om nooit deel te wees van die ontevrede tipe ouer mense wat ons vandag kry nie. Al woon jy selfs alleen, besluit om 'n lewe van oorvloed te leef en 'n seën vir ander te wees. Besluit om 'n mooi bejaarde te wees – 'n persoon op wie jou familie trots sal wees. God wil graag oor jou glimlag!

Besluit om die lewe voluit te geniet deur oorvloedig te leef. Mag jy 'n nuwe varsheid ondervind wat jou sal laat huppel. Jesus sê in Joh. 10:10: *"Ek het gekom, dat julle lewe en oorvloed kan hê."*

## Wees lief vir die lewe

**Psalm 34:12,13** *"Kom, kinders, luister na my; ek wil julle die vrees van die Here leer. Wie is die man wat lus het in die lewe, wat dae liefhet om die goeie te sien?"*

Die Boodskap: *"Kom, kinders, laat ek julle iets leer! Ek gaan julle wys hoe om die Here te dien. Is daar iemand onder julle wat lief is vir die lewe? Wie wil graag die goeie dinge van die lewe geniet en gelukkig wees?"*

Die doel van vandag se "Dagstukkie" is: *"Live life to the full."*
Ek verbaas my hoe lees ons die Bybel wanneer dit by ouderdom kom. Ek hoor dat ons net 80 kan word en miskien 'n bietjie meer met baie moeite en verdriet. Psalm 90:10 word aangehaal, waar Moses in die omgewing van 120 jaar was, toe hy dit geskryf het. Moses moes eerder geskryf het soos Paulus – toe hy sekere raad gegee het oor die huwelik: *"Maar vir die ander sê ek – nie die Here nie..."* (1 Kor. 7:12)
Die laaste wat God gesê het oor ouderdom vind ons in Gen. 6 toe Hy berou gehad het dat Hy die mens gemaak het omdat engele en mense vermeng het. In Gen. 6:3 staan: *"Toe sê die Here: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd-en-twintig jaar."* Hierdie is God se laaste woord, in die Bybel, oor ouderdom. Tussen hakies: In die tyd van die Ou Testament het hulle ook 12 maande in die jaar gehad. Hulle jare was dus nie korter as ons sin nie.
Ek weet nie hoelank jy wil leef nie? Maar ek wil jou inspireer om die Here te vertrou vir 'n vol lewenstyd – terwyl jy jou beste vir Hom gee. Ek wil nie 'n debat oor ouderdom veroorsaak nie, maar ek moedig jou aan om "fris en lewenskragtig" te leef soos wat ons lees in Psalm 92:15.

Wat jy ookal doen – moet net nie ophou om te leef nie.
Baie leef om dood te gaan – terwyl ons moet lewe om te leef.
Rom. 14:8 *"...of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here."*

# ‘n Ontmoeting met God

**Psalm 42:3** *"My siel dors na God, na die lewende God; wanneer sal ek ingaan en voor die aangesig van God verskyn?"*
Die Boodskap: *"Ek wil heeltyd net by U wees God, U gee lewe. Ek leef net vir daardie oomblikke wanneer ek U Naam kan grootmaak tussen al U kinders."*

God woon in my deur Sy Gees, maar daar is tog tye dat ek weet dat Hy met my op ‘n besondere manier "ontmoet" het. Miskien was dit in ‘n diens óf in ‘n tyd toe ek spesiaal in gebed afgesonder het.
**Moses** se ontmoeting met God by ‘n bos wat gebrand het, was iets besonders. (Ex. 3) Ek glo net God se Heilige Gees vuur sal mense nuuskierig nader bring sodat hulle met Hom kan ontmoet. In hierdie ontmoeting met die Here moes Moses sy skoene uittrek. Baie keer moet ons iets verwyder uit ons lewens indien ons met die Here wil ontmoet.
**Jesaja** se ontmoeting met God (Jes. 6) het hom gehelp om te erken dat hy ‘n man is wat onrein lippe het – iemand wat nie gepraat het soos hy moes nie. Toe Jesaja egter met God ontmoet het, was sy lippe aangeraak met ‘n koolvuur van God se altaar en is hy gereinig asook weer geroep vir sy taak. Dors jy na so ’n ontmoeting met die Here?
**Paulus** se ontmoeting met God het hom gehelp om in Hand. 9:6 uit te roep: *"Here, wat wil U hê moet ek doen?"* Hierdie ontmoeting het van hom ‘n magtige apostel gemaak, wat die meeste boeke van ons Nuwe Testament geskryf het. Kan jy sien wat een ontmoeting met God kan doen?

Wanneer laas het jy ‘n heerlike ontmoeting met God gehad? Hy is nie vêr van ons nie, en gereed om ons te ontmoet.
Ps. 27:14 *"Moenie die handdoek ingooi nie, bly wag op die Here!" (Die Boodskap)*

## Ons kan almal bydra tot groei

**Efésiërs 4:16** *"Die kerk is Sy liggaam en die hele liggaam is van Hom afhanklik. Die dele van die liggaam is aan mekaar verbind en vorm 'n eenheid omdat elke liggaamsdeel sy werk doen en die ander liggaamsdele help. So groei die liggaam deur die medewerking van al die liggaamsdele, en daar is liefde onder mekaar."* (Die Lewende Bybel)

Lees self in verskillende vertalings totdat hierdie Skrifgedeelte vir jou duidelik word. Dan sal jy verstaan om groei, liefde en eenheid in 'n gemeente te kry vind plaas as ons bereid is om mekaar te help. Aan die einde van ons teks sluit Paulus af met: *"So groei die liggaam deur die medewerking van al die liggaamsdele, en daar is liefde onder mekaar."* Dit kan seker nie te moeilik wees nie?

Die drie dinge wat 'n hindernis is vir groei vind ons in 1 Kor. 3:7. Dit is jaloersheid, twis en tweedrag. Dit geld vir groei in 'n gemeente, in 'n gesin en selfs in ons eie lewe. Identifiseer eers of hierdie dinge in jou eie lewe teenwoordig is, voordat jy vasstel of dit in jou gemeente is. Raak ontslae daarvan en geestelike groei sal outomaties plaasvind.
Tans beleef ons in ons plaaslike gemeente hoedat die lede besig is om mekaar te help en te ondersteun. Gedurende die week is daar hulle wat besig is om dié wat siek is te bedien. Dié wat bemoedig en versorg moet word staan verbaas as hulle oorweldig word met die liefde van ander gelowiges. As gevolg hiervan is daar 'n besondere groei, eenheid en liefde onder ons. God, kry al die eer hiervoor!

Ek moedig jou aan om uit te reik na iemand in nood.
Vra die Here om iemand op jou hart te lê wat jy kan seën.
As Sy liggaam is ons aan mekaar verbind, om mekaar te help.

## Ons is klei in God se hand

**Jeremia 18:1,2** *"Die woord wat van die Here tot Jeremia gekom het: Maak jou klaar en gaan af na die huis van die pottebaker, en daar sal Ek jou my woorde laat hoor."*

As ons met aandag die eerste sewe verse in Jeremia 18 lees, verstaan ons dat God met Israel gewerk het soos wat 'n pottebakker met klei werk. Hulle het misluk in hul roeping as volk, maar God was besig om hulle in 'n nuwe vorm voort te bring. Ons lees in vers 4: *"En die voorwerp wat hy besig was om te maak, het misluk – soos dit gaan met klei in die hand van die pottebakker – maar hy het daaruit weer 'n ander voorwerp gemaak soos dit in die oë van die pottebakker reg was om dit te maak."*
Besef dat jy soos klei is in God se hand! Indien jy enige mislukking ervaar het, moet jy weet dit kom nie van God se kant nie. Die waarheid is dat God graag jou soos klei wil neem en jou vorm om te wees soos dit reg is in Sy oë. Wees dus soos 'n stuk klei wat oorgegee is in Sy bekwame hande, en vertrou Hom ten volle.
Ongelukkig is daar soms klein klippies (en ander voorwerpe) wat 'n pottebakker eers uit die klei moet verwyder – hy doen dit deur die klei oop te breek. Dit is nodig voordat hy kan voortgaan om iets mooi uit die klei te kan maak.
Jy mag agterkom dat God eers iets moet verwyder, voordat Hy verder met jou kan werk. Dit kan pynlik wees. Gelukkig werk alles mee ten goede vir die wat Hom liefhet. (Rom. 8:28)

*"Kyk, soos klei in die hand van die pottebakker, so is julle in My hand..."* (Jer. 18:6)
Wees gewillig om sag gedruk te word, sodat Hy jou kan vorm.
Alle vrees sal verdwyn as jy net besef dat jy in God se hand is.

## Wees 'n Beweegoffer

**Num 8:11** *"En Aäron moet die Leviete as beweegoffer beweeg (heen en weer beweeg) voor die aangesig van die Here namens die kinders van Israel, sodat hulle daar kan wees om die dienswerk van die Here te verrig."*

Indien jy al Israel besoek het en 'n draai gemaak het by die klaagmuur – sal jy weet hoe die geestelike leiers terwyl hulle bid – heen en weer beweeg voor God. Ek is van mening dat hierdie Ou Testamentiese ritueel vandag ook vir ons iets wil leer. Die vraag is: Wat wou Israel bereik met 'n beweegoffer? Dit is asof hulle wou uitroep: "Here, sien my raak en weet dat ek opreg dankbaar is."
Soos wat ons teks ons vertel dat die Leviete deur die priester aan God toegewy was deur hulle heen en weer te beweeg só wil Christus (ons hoëpriester) ons aan Sy Vader toewy.
Die eersteling van elke oes was ook as 'n beweegoffer aan God gebring. (Lev. 23:10-16) Sien die boer en sy gesin wat hardloop met die eersteling gerwe na die priester om dit voor God te beweeg om dankie te sê.
Dit is wat gebeur het op Pinksterdag (Hand. 2) toe Petrus die eerste "gerwe" as 'n beweegoffer na Christus gebring het. Dit was om dankie te sê vir die eerste geestelike oes toe 3000 nuwe bekeerlinge toegevoeg was tot God se kerk.
Dawid het sekerlik geweet van die beweegoffer toe hy voor God in blydskap gedans het omdat die ark teruggekeer het na Israel. Ons lees in 2 Sam. 6:14 *"Daarby het Dawid met alle mag gedans voor die aangesig van die Here..."* Hy het meer as beweeg – hy het met mag gedans!

As jy "releasing" in jou wil sien plaasvind – maak soos Dawid. Steek jou hande op na God en beweeg dit uit dankbaarheid. Wy jouself in jou gees asook met jou liggaam, aan die Here!

# Om rustig te slaap

**Psalm 4:9** *"Ek wil in vrede gaan lê en meteens aan die slaap raak; want U, o Here, alleen laat my in veiligheid woon."*
Die Boodskap: *"As ek in die aand bed toe gaan, kan ek sonder bekommernis aan die slaap raak. En ek raak dadelik aan die slaap, want by U voel ek veilig. U alleen beskerm my."*

Slaap is iets wonderliks en hoe dit presies werk sal niemand werklik kan verduidelik nie. Ons is elkeen self verantwoordelik om toe te sien dat ons genoeg slaap elke dag geniet. Maar as ons slaap nie 'n rustige een is nie, kan dit meer probleme skep as wat God dit voor bedoel het. Ons moet rustig slaap sodat ons die daaglikse uitdagings suksesvol kan aanpak.
Geen wonder dat die wyse Salomo die volgende oor slaap gesê het in Spr. 3:24: *"...as jy gaan lê, sal jy nie skrik nie, en lê jy, dan sal jou slaap soet wees."* Slaap behoort iets soet te wees – God het dit so bedoel.
Wat doen ek as ek nie rustig kan slaap nie? Ek moet sorg dat ek nie kyk na 'n Tv program wat vol angs is voordat ek gaan slaap nie. Ook moet ek nie verkeerde kos eet wat my sal wakker hou nie. Hier besluit jyself wat jy kan eet.
Maar wat doen ek geestelik om rustig te kan slaap? Wanneer die vyand my gedagtes aanval gebruik ek Bybel Skrifgedeeltes as my wapen om sy aanvalle te weerstaan. Vir my werk die beste as ek 'n teks aanhaal wat my posisie in Christus bevestig. Baie Skrifte wat ek gebruik is in hoofstuk een van Efésiërs.
Daar is ook tye dat ek nie geestelike aanvalle ondervind nie maar dat ek net nie aan die slaap kan raak nie. Dit is dan dat ek in my gedagtes bid en sing asook God loof vir Sy goedheid. Dit bring rus oor my en maak dit makliker om te slaap.

Weet dit dat Hy wat nooit sluimer of slaap nie altyd met jou is. Glo God se belofte in Ps. 34:8: *"Die Engel van die Here trek 'n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit."*

## God se beloftes

**2 Korinthiërs 1:20** *"Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom (Jesus Christus) is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons."*

Die Lewene Bybel: *"Dit is Hy wat elke belofte van God waar maak, en omdat ons aan Hom behoort, kan ons op elke belofte van God "amen" sê om God te eer."*

Die Woordeboek se verduideliking van die woord "belofte" is: "As jy iets aan iemand belowe, sê jy eintlik dat jy dit verseker sal doen." Dit is hoe God se beloftes is. Hy sal nooit teruggaan op wat Hy belowe het nie.
Daar is gesê dat daar 3000 beloftes in die Bybel is. Ek het dit nog nie getel nie, maar weet dat elke belofte wat God gegee het, sal waar word.
Hier is 'n paar beloftes wat jy kan lees – en wat jy moontlik goed ken: Ps. 34:8; Jes. 43:2; Lukas 6:38; Lukas 10:19; 2 Kor. 4:17; 2 Kor. 12:9; Jak. 4:7.
Die Here wil ook die beloftes wat Hy persoonlik aan jou gemaak het, waar maak. Kyk gerus weer na al die beloftes wat jy van God ontvang het en vertrou Hom opnuut dat elkeen vervul sal word. In Jes. 62:6,7 lees ons dat ons God mag herinner aan Sy beloftes: *"...O julle wat die Here herinner aan Sy beloftes – moenie rus nie, en laat Hom nie met rus nie..."*
Moenie moed opgee om God te vertrou nie want Hy is 'n waarmaker van Sy woord. Num. 23:19 *"God is geen man dat Hy sou lieg nie; of 'n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie?"*

Glo God vir genesing omdat Hy die laaste sê oor 'n lewe het.
Glo God vir voorsiener in al jou behoeftes. (Fil. 4:19)
Glo God vir 'n geestelike deurbraak – want Hy wil Sy Gees uitstort oor ons.

# Wat gebeur as jy God sien?

**Jesaja 6:1** *"In die sterfjaar van koning Ussia het ek die Here sien sit op 'n hoë en verhewe troon, terwyl Sy some die tempel gevul het."*

Die Boodskap: *"In die jaar toe koning Ussia dood is, het ek die Here in 'n visioen gesien. Hy het op 'n baie hoë troon gesit, en die soom van Sy kleed het die tempel gevul."*

Met ons blote oog kan ons as mens, natuurlik nie God sien nie, daarom is die vertaling van Die Boodskap duideliker. Jesaja het God in 'n visioen gesien.
Toe God Homself aan Jesaja geopenbaar het, het hy eers sy volk se treurige geestelike toestand gesien. (Jes. 1:4-6) In die lig van God se heerlikheid sien ons die swak toestand van mense om ons – nie om te kritiseer nie, maar om vir hulle ernstig te bid. Maar Jesaja het homself gesien, soos wat God Hom gesien het. Soveel so dat hy uitgeroep het in vers 5: *"Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe..."*
Toe dit gebeur het, het daar 'n totale verandering in sy lewe plaasgevind, toe God sy onrein lippe aangeraak het met 'n gloeiende kool. Ons lippe het so iets nodig.
Nog iets het met Jesaja gebeur en dit is dat God sy roeping bevestig het. Hy was tot op hierdie stadium 'n profeet, maar die Here roep hom vir die tweede maal.
Hy kon God duidelik hoor en hy het duidelik geantwoord. Ons lees in vers 8: *"Daarop hoor ek die stem van die Here wat sê: Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan? Toe antwoord ek: Hier is ek, stuur my."* Deur die jare het ek herhaal: *"Here, hier is ek, stuur my."*

As jy God wil "sien" sal Hy Homself aan jou openbaar.
Hy wil jou lippe aanraak met vuur – dat jy vir Hom kan spreek.
Moontlik wil Hy jou opnuut roep om vir Hom 'n taak te doen?

# Die uniekheid van God

**1 Timótheüs 1:17** *"Aan die Koning van die eeue, die onverderflike, onsienlike, alleenwyse God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid. Amen"*

Die Boodskap: *"Laat ons nooit ophou om die enigste God groot te maak en vir almal te vertel hoe wonderlik Hy is nie. Hy is ons Heerser vir altyd; niemand kan Hom sien nie en Hy gaan ook nie dood nie. So is dit en so sal dit bly."*

As iets of iemand uniek is meen dit dat dit die enigste van sy soort is. Dit is hoe God is. God is uniek omdat Hy kwaliteite in Sy karakter besit wat Hom uitstaande maak bó enige mens, en selfs bó enige geestelike wese.

God doen wonders wat net Hy alleen kan doen. Ons is dankbaar wat geneeshere kan reg kry met operasies – soos om 'n hart oor te plant. Maar God bly uniek deurdat Hy met een aanraking 'n liggaamsdeel kan vervang en 'n lamme kan laat loop asook iemand wat blind is kan laat sien. Dit maak God uniek.

God is só uniek dat Hy uit niks iets kan maak. Ons as mens het iets nodig voordat ons iets anders kan maak. Toe God die wêreld gemaak het, het Hy net 'n woord gespreek om dit wat nie bestaan nie, te laat bestaan.

Ons dank Hom dat Hy die enigste een is wat lewe kan gee. Hy het altyd die laaste sê oor 'n mens se lewe. Ek dink aan 'n tannie wat my persoonlik vertel het dat die dokter haar ses maande gegee het om te leef, omdat sy sterwend aan kanker was. Toe sy my haar storie vertel het was dit 26 jaar later terwyl haar dokter reeds al begrawe was.

God alleen kan sondes vergewe – dit maak Hom uniek.
Hy kan doen ver bo alles wat ons kan bid of dink. (Ef. 3:20)
Moet nooit twyfel aan die uniekheid van God nie.

## Om tot diens te wees

**1 Korinthiërs 16:15** *"...julle weet dat die huisgesin van Stéfanas die eersteling van Achaja is (Suid Griekeland) en dat hulle hul tot diens van die heiliges gestel het..."*
New King James: *"...you know the household of Stephanas...that they* ***devoted*** *themselves to the ministry of the saints..."*
King James *"...they have* ***addicted*** *themselves to the ministry of the saints."*

Ons leef in 'n wêreld wat net wil ontvang. Dit gaan oor: "Wat kan ek daaruit kry?" Terwyl Jesus ons duidelik leer dat dit beter is om te dien as om gedien te word.
Die Engelse vertalings wat ek aangehaal het gebruik sterk woorde soos *"devoted"* en *"addicted"* wat ons vertel hoe ernstig hulle was om mekaar te dien. Dit is treffend dat ons teks dit duidelik stel dat nie net die hoof van hierdie huis tot diens van die gelowiges was nie, maar dat hulle as huisgesin vir God beskikbaar was om te gebruik. Die Boodskap sê oor die huisgesin van Stéfanas: *"Sulke mense se voorbeeld moet julle volg en almal wat saam met hulle vir die Here woel en werskaf."*
Een van ons grootste probleme in gemeentes vandag is mense wat net kerktoe kom om te ontvang. Iets wat kort kom is betrokkenheid. (of dan *"commitment"*)
Volgens Ef. 4:16 sal daar groei, eenheid en liefde in 'n gemeente wees as elkeen hul deel bydra in daardie gemeente. M.a.w. as ons *"devoted"* en *"addicted"* is om ander tot diens te wees. Gee jouself punte om vas te stel hoe jy God se mense dien. Dink aan die Skrif in Gal. 6:2 wat sê: *"Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus."*

Stel jouself tot God se diens – wees 'n verlengstuk van Sy arm.
God soek 'n kanaal deur wie Hy Homself kan openbaar.
Vra die Here watter kind van Hom moet jy gaan dien.

## Die waarheid oor vrees

**Job 3:25** (Ou vert.) *"As ek iets vreesliks vrees, kom dit oor my; en die ding waarvoor ek bang is, kom na my toe."* (Nuwe vert.) *"Wat ek gevrees het, het oor my gekom; waarvoor ek bang was, het my getref."* (Die Lewende Bybel) *"Dit is juis die dinge waarvoor ek die bangste was wat my oorgekom het."*

Wat vir my duidelik geword het is die meeste dinge wat ons vrees sal nooit gebeur nie. Praat gerus met ouer mense dan sal jy hoor die vrese wat hulle gehad het, maar dat die meeste daarvan net nooit plaasgevind het nie. Die ander kant is ook waar: As jy geneig is om iets gedurig te vrees is dit moontlik dat dit wat jy vrees, sal gebeur.
'n Prediker het eenmaal gesê dat vrees geloof is wat in trurat is. Jy glo, maar in die verkeerde rigting. Vrees is die teenoorgestelde van geloof. Geloof is vertroue wat jy het in dit wat jy nie sien nie, maar weet dat dit sal gebeur. Heb. 11:1 sê: *"Wat beteken dit om op God te vertrou? Dit beteken om seker te wees dat die dinge waarna ons uitsien, wel sal gebeur. Dit beteken ook om oortuig te wees dat die dinge wat ons nie kan sien nie, wel daar is."* (Die Lewende Bybel)
Daar is ook 'n ander tipe vrees, naamlik om God te vrees – dit meen 'n heilige respek vir Hom te hê – as jy dit besit dan beskerm God jou. Ons lees in Ps. 34:8 *"Die Engel van die Here trek 'n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit."* Wie red Hy uit? Die wat Hom vrees. Ons kan nie net God vra om ons te beskerm nie, terwyl ons Hom nie respekteer nie.

In siekte onthou dat Jesus se wonde genesing gebring het.
Onder finansiële druk weet dat Hy die God is wat voorsien.
As jy onseker raak weet dat jy in die holte van Sy hand is.

# Wat God in een dag kan doen

**Psalm 105:37** *"Toe het Hy hulle (Israel) laat uitgaan met silwer en goud, en onder sy stamme was daar niemand wat struikel (wat swak was) nie."*
King James: *"He brought them forth also with silver and gold: and there was not one feeble person among their tribes."*

In die Engelse teks word die woord *"feeble"* gebruik. Die Collins woordeboek sê: *"If you describe someone or something as feeble, you mean that they are weak."*
Israel was slawe vir meer as 400 jaar in Egipteland, maar die dag toe hulle verlos is uit hul slawerny, het God iets bonatuurliks vir hulle gedoen. Hy het gesorg dat daar nie een swakke of sieklike onder hulle was nie – dit was meer as 'n wonderwerk. Na al die jare van swaarkry as slawe, stuur God hulle uit met silwer en goud, maar ook as 'n sterk en gesonde nasie. Hierdie teks wys wat God in een dag kan doen.
God kan in een dag ook jou lot verander – by Hom is daar niks wat onmoontlik is nie. Mark. 9:23: *"...as jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo."*
God het ook in een dag Josef, as 'n gevangene, verhef as tweede in bevel in Egipte. Dit was nadat hy die koning se droom kon uitlê. (Gen. 41:40,41) Die vrou wat vir 12 jaar aan bloedvloeiing gely het, is in een oomblik genees toe sy die soom van Jesus se kleed aangeraak het. Die siek man by die bad van Betésda, was deur Jesus in een oomblik genees van 'n siekte waaraan hy vir 38 jaar gely het. (Joh. 5)

Skep moed, want God is geen aannemer van persoon nie.
Wat Hy vir ander gedoen het wil en kan Hy ook vir jou doen.
Glo dat jou lot (en jou geliefdes) in een dag kan verander.

# Kon jy iemand navolg?

**Hebreërs 13:7** *"Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na."*

Die Boodskap: *"Moenie die geestelike leiers vergeet wat die boodskap van God aan julle vertel het nie. Kyk hoe hulle geleef het tot hulle dood is en vertrou dan op die Here net soos hulle op Hom vertrou het."*

Is daar persone in jou lewe wat jy kon navolg? Mense wie se lewens jou inspireer het op jou pad met die Here? Paulus het eenmaal gesê in 1 Kor. 11:1: *"Wees my navolgers, soos ek dit ook van Christus is."* Ek dank die Here vir mense wat vir my 'n voorbeeld gestel het wat ek kon navolg. Mense wat my moed en rigting gegee het om die Here te dien met my hele hart.
The Amplified Bible says: *"Remember your leaders...Observe attentively and consider their manner of living – the outcome of their well-spent lives – and imitate their faith..."*
Die woorde *"and imitate their faith"* spreek boekdele.
Oorweeg dit om mense wat bygedra het tot jou geestelike groei vandag te kontak en net hulle te waardeer. Wie weet, miskien het hulle weer jou waardering en aanmoediging nodig?

Bid vir hulle wat jy kon navolg, asook hul nageslag.
Moenie uitstel wat die Here op jou hart plaas om te doen nie.
Wees die draer van goeie tyding – dit mag die regte tyd wees.

# Seën – Hoor – Doen

**Deuteronónium 28:2** *"En al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die stem van die Here jou God."* Die Lewende Bybel: *"As julle luister wat die Here jou God sê, sal julle oorstroom word met al die voorspoed wat ek nou hier noem."*

Seën, hoor en doen – hierdie is drie woorde wat aan mekaar verbind is. As jy geseënd wil wees moet jy kan hoor en doen. Andersom is dit ook waar: As jy hoor en doen, sal jy geseënd wees. Hierdie begrip is 'n waarheid regdeur die Bybel vind.
Van kleins af is dit só dat kinders wil ontvang, maar nie altyd wil hoor en doen wat hul ouers van hulle verlang nie. Ons word groot met hierdie verkeerde beginsel in ons lewe, daarom is dit soms moeilik om as 'n volwassene te hoor en te doen wat God verlang. Geen wonder dat ons van die seëninge wat Hy beloof het baie keer misloop nie.
Deut. 28, vanaf vers een tot veertien is vol wonderlike seëning. En volgens Gal. 3:14,29 kan ons as Christene vandag ook deel in al die seëninge wat God vir Israel beloof het.
Ek is seker jy verlang na die seën van die Here – ek ook. Maar dan moet ons leer om duidelik te hoor en te doen wat God van ons verlang. God kan nie wag om ons te seën nie, maar wat hy in Deut. 28 aan Israel gesê het, geld nog steeds vandag ook vir ons. Luister mooi – doen wat Sy Gees in jou hart gee om te doen – en Sy seëninge sal oorvloedig wees.

Ek spreek Num. 6:24-26 oor jou (julle) uit: (Die Boodskap) *"Die Here sal julle seën en julle oppas. Die Here sal met deernis na julle kyk en baie goed vir julle wees. Die Here sal julle gebede beantwoord en vir julle vrede gee."*

## Kom ons bid meer vir ander

**Job. 42:10** *"En die Here het die lot van Job verander toe hy vir sy vriende gebid het; en die Here het Job se besittings vermeerder tot dubbel soveel as voorheen."*
The Amplified Bible: *"And the Lord turned the captivity of Job and restored his fortunes, when he prayed for his friends; also the Lord gave Job twice as much as he had before."*

As daar een man in die Bybel is wat letterlik alles in sy lewe verloor het, is dit Job. Hy was bekend as die rykste man in die Ooste. In Job. 1:3 lees ons: *"...sodat dié man ryker was as al die kinders van die Ooste."* Hy het nie net al sy besittings verloor nie maar ook sy kinders. Bó alles het hy ook sy gesondheid verloor. Die hele verhaal van Job is 'n somber een – totdat ons kom by ons teks in Job. 42:10.
Dit is treffend dat die Bybel sê dat toe Job vir sy vriende begin bid het, het God sy lot verander. As mens is ons geneig om die meeste van die tyd vir onsself en ons dierbares te bid. Dit is nie verkeerd nie. Ekself het al egter ondervind dat as ek my behoeftes eenkant toe skuif en ernstig vir ander begin bid, die Here my lot ook verander het.
Toe Job vir sy vriende begin bid het en nie gefokus het op sy eie toestand nie, het dié wat hom voorheen verlaat het, na hom teruggekom. Die Bybel sê hulle het hom vertroos en selfs vir hom geld gebring. (vers 11) Maar die mooiste woorde lees ons in Job. 42:12: *"En die Here het die einde van Job meer geseën as sy begin..."*

Ek ken nie jou omstandighede en die laste wat jy dra nie.
Maar ek wil jou vra om ernstiger vir ander in gebed in te tree.
Mag jy ook ondervind dat die Here jou lot sal verander.

**Die Here bewaar ons van dinge wat ons nie weet nie**
**Psalm 91:11** *"Hy sal Sy engele opdrag gee om jou te beskerm waar jy ook al gaan.."*

Ek was maar net meer as 16 jaar toe ek begin werk het as 'n lokomotief-passer by "Die Suid Afrikaanse Spoorweë" soos ons dit destyds geken het.
Op 'n dag toe hulle die outomatiese stoker moes konnekteer aan 'n lokomotief, het ek in die put gestaan, reg onder die lokomotief waar die outomatiese stoker sou kom. My werk was om 'n splytpen ("splitpin") deur 'n staaf te kry en dit oop te buig. Bokant my was die man in die hyskraan besig om die outomatiese stoker (wat 'n paar ton geweeg het) stadig te laat sak, totdat van die ambagsmanne dit kon vasmaak aan sy posisie. Die staal kabels was, volgens my, sterk genoeg om die gewig te dra. Ek het dus sonder vrees daar gewerk.
Die plek waar ek gewerk het was baie nou en dit was nie maklik om met my hande daar te werk nie. Net toe ek weer eenkeer na vore beweeg hoor ek mense skreeu en gil toe die kabels breek en die outomatiese stoker na benede stort! Hoe ek nie verbrysel was nie bly 'n wonderwerk. Al wat met my gebeur het was dat 'n stuk staal my oorpak se broek aan die agterkant netjies oopgesny het. Aan my liggaam was daar geen snymerk of stukkende plek nie.
Die sloot waarin ek gestaan het, het die stoker se val gebreek en ek kon tussen die lokomotief se wiele uitkruip. Die werkers wat daar was het met verbasing na my gekyk, sonder om 'n verdere woord te praat. Ek het weggestap en eers na heelwat treë verder het albei my bene totaal lam geword. Die Here was met my en het my lewe gespaar. Ek gee vandag eer aan Hom

God het jou al bewaar van dinge wat jy nie eers weet nie.
Miskien van 'n motor ongeluk óf van 'n slang in die veld?
Een ding weet ons: Die Here is ons bewaarder van alle onheil.

## Wat ek ontdek het oor vrees

**2 Timótheüs 1:7** *"Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing."*

My grootste ontdekking wat ek gemaak het t.o.v vrees, was toe ek verstaan het dat die Heilige Gees wat God aan ons gegee het 'n Gees is van krag, liefde en selfbeheersing – daarom hoef ek nie te vrees nie.
Deur die jare heen het ek ook ontdek dat die meeste dinge wat ons vrees nooit sal gebeur nie. Ek wens ek het hierdie waarheid ontdek toe ek nog baie jonk was. My lewe sou baie meer in oorwinning gewees het.
Ek het ook uitgevind dat daar wel iets bestaan soos "gewone" vrees. Met "gewone" vrees bedoel ek daardie iets wat ek in my het wat my help om uit die pad te spring as 'n groot vragmotor op my afstorm. As ek dit nie in my gehad het nie, was ek in groot moeilikheid.
Ek het ook agter gekom dat daar 'n vrees is wat my benoud maak sodat ek soms nie rustig kan slaap nie. Dit is nie van die Here nie en moet weerstaan word. Gelukkig het ons die Heilige Gees in ons. Daarom kan ons met vrymoedigheid uitroep, soos wat geskrywe staan in 1 Joh. 4:4. "Hy wat in my is, is groter as hy wat in die wêreld is." Oor hierdie Skrif het 'n Wêreld beroemde prediker, Smith Wigglesworth, eenmaal gesê: *"I am bigger on the inside than on the outside."*

God wil dat ons meer waarhede sal ontdek, dat ons sal oorwin.
As vrees jou wil laat twyfel, weet God is daar om jou te help.
Voed jou geloof en alle twyfel en vrees sal sterf van honger.

**God sê: "Vra van My."**

**Psalm 2:8** *"Vra van My, en Ek gee volke vir jou as eiendom, die hele aarde as jou besitting."*

Die Boodskap: *"Jy moet net vra, en Ek sal jou die heerser oor baie mense, ja, oor die hele aarde maak."*

Hierdie Psalm het 'n baie wyer betekenis, maar vandag vra ek dat jy ons teks persoonlik vir jouself sal neem. In een vertaling word die woorde "Eis van My..." gebruik. Om te "eis" is 'n baie sterk woord.

Natuurlik wil ons nie van God dinge "eis" nie – maar ek dink die boodskap wat ons moet kry is dat wanneer hierdie tipe gesindheid in jou hart is word jy iemand wat aandring totdat jy ontvang het. (Jes. 62:6) M.a.w. as jy die Here vir iets vertrou word jy nie moeg om Hom te vra nie.

Dit klink amper teveel om waar te wees. Maar as ons daaraan dink toe God ons as mens gemaak het, het Hy ons as heersers gemaak. In Gen. 1:26 staan: *"En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers..."* Besluit om niks minder te wees as dit wat die Here jou gemaak het nie.

Vra van die Here die oorwinning en krag wat jy nodig het vir hierdie dag. Vra ook die genesing wat nodig is en behou die gesindheid in jou hart dat God graag wil genees. Moenie teveel vrae toelaat oor genesing nie. Baie onnodige vrae sal jou beroof van geloof in God. Vra, met nuwe verwagting, die verlossing van iemand wat jy liefhet. Dit is God se wil dat alle mense gered kom en tot kennis van die waarheid sal kom. (1 Tim. 2:3,4) Ek hou van Deut. 10:14, wat só lees: *"Kyk, aan die Here jou God behoort die hemel, ook die hoogste hemel, die aarde en alles wat daarin is."*

Skep moed en vra van die Here wat jy dringend nodig het.
Sy hand is nie te kort nie en Sy oor sal jou hoor. (Jes. 59:1)
Elke belofte in Sy woord sal Hy waar maak. (2 Kor. 1:20)

# Om siekes met olie te salf

**Jakobus 5:14** *"Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het."*

Dit is jammer dat hierdie Bybelse beginsel nie meer gereeld toegepas word nie, want dit verseker baie krag tot genesing. Ek het 'n seldsame ondervinding jare gelede gehad. My vrou was saam met my toe ek 'n troue in George moes gaan waarneem. Ons het destyds in Heidelberg Kaap gewoon.
Op die Nasionale pad het ek skielik gestop toe ek iets in die pad gewaar het. Dit was 'n houer, soos 'n pen, vol olyfolie. Iemand moes daar gestop het en dit verloor het, en dat motors dit nie stukkend gery het nie was 'n wonderwerk. Ek onthou nog my woorde toe ek daardie dag die pen opgetel het:
*"Iemand het sy salwing verloor en ek het dit vandag opgetel."*
Die volgende dag moes ek 'n diens waarneem op Slangrivier, naby Heidelberg. Ek was oortuig dat ek die salfpen moes gebruik. Na my boodskap het ek hulle wat siek was na vore genooi en vir elkeen gebid terwyl ek hulle met olie gesalf het. Dit was nie dat die olie magiese krag gehad het nie – ek het net volgens Jak. 5:14 opgetree. Twaalf persone het uitgekom vir gebed en almal was daardie oggend genees.
Een van hulle was Maria Julies wat genees was van fratte op haar hande. As gevolg van die fratte kon sy nie die oue tehuis se wasgoed was nie – daardie dae was daar nie wasmasjiene om die werk te doen nie.
Die Maandag na haar genesing het sy haar "nuwe hande" in die seepwater gedruk in die Naam van die Here en nooit weer het sy enige fratte op haar hande gekry nie. Teenoor my het sy getuig: *"Die Here doen mos nie halwe werk nie."*

As jy siek is – vra iemand om jou met olie te salf nie.
Aan die anderkant – wil jy nie 'n sieke gaan salf met olie nie?
Maak gerus 'n studie van "Salf met olie" in jou Bybel.

## "Laat hom wat wil..."

**Openbaring 22:17** *"En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet."*

God het in elke mens 'n wil geplaas wat ons kan gebruik soos ons wil. Die wil in jou is dit wat jou iets laat doen of nie doen nie. God het ons nie soos 'n robot gemaak nie, maar aan elkeen sy eie wil gegee.
As mens is ons gees, siel en liggaam. Jou siel bestaan uit jou denke, emosies en wil.
God sê in ons Skrif: *"...en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet."* As iemand nie wil nie, word hy nie gedwing om van hierdie lewende water te drink nie.
Die wil wat ons in ons het bepaal sukses of mislukking. Jou wil is wat jou entoesiasties of belangeloos maak. Dink daaraan hoe jy reageer as jy iets nie wil doen nie teenoor wanneer jy iets graag wil doen.
Moet nooit jou wil om te leef verloor nie. Daarom is dit belangrik as jy siek is dat jy gesond sal wil word. Al sou dokters alle hoop verloor het dat iemand sou lewe, moet daardie persoon die wil besit om te leef.
Ons moet altyd besef dat ons wandel nie deur wat ons sien nie, maar deur geloof in 'n lewende God. Die wil om te wil leef het al baie mense wat sterwend was 'n tweede kans gegee. Ek kan persoonlik daarvan getuig.
Jy moet ook 'n wil hê om voorspoedig te leef, en nie net van-die-hand-tot-die-mond te leef nie. Die God wat jy dien wil, volgens Fil. 4:19, vir jou voorsien in al jou behoeftes.

Neem 'n wilsbesluit om net tevrede te wees met God se beste.
God se wil vir ons is: Verlossing; Genesing; Voorsiening.
Die ou gesegde is so waar: *"Waar 'n wil is daar is 'n weg."*

## Jy sal maai as jy nie verslap nie

**Galasiërs 6:9** *"En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie."*

Om te saai is om te gee en om te maai is om te ontvang. Dit is sekerlik een van die wonderlikste waarhede in die Bybel wat ontdek moet word. As "saai" en "maai" eers 'n lewenswyse geword het bring dit die grootste vervulling in 'n mens se lewe. Jy moet eers leer om te gee en dan leer om te ontvang.
Vandag wil ek jou vertel hoe ons meubels "gemaai" het.
Ons het 'n vakansiehuis in Port Alfred gehad, maar ons het meubels nodig gehad. Twee vriende het my gevra om vir drie dae saam met hulle te gaan na Port Alfred omdat die een besigheid gehad het om aldaar af te handel. Ons het in Rustenburg gewoon. Daar aangekom, ry ons die volgende dag by 'n veiling verby waar meubels te koop was. Ek vra my vriende of ons kan kyk vir meubels vir my vakansiehuis. Omdat ek die volgende maand 'n dertiende tjek verwag het, het ek ernstig begin koop. Toe ek moes betaal, stap ek na die afslaer (wat ek goed geken het) om met hom 'n reëling te maak om my rekening die volgende maand te vereffen. Voordat ek dit kon doen sê my een vriend vir my: *"Wag, die Here het my opdrag gegee om alles wat jy vandag koop te betaal. Ek is net bly dat jy nie meer gekoop het nie."* Hy haal sy tjekboek uit en betaal toe net daar my volle rekening.
Die verdere wonderwerk was dat daar 'n man was met 'n groot vragmotor wat my net R90 gevra het om my meubels by my huis te gaan aflaai. Dit was net vir sy brandstof. Net daar het ek onthou hoe ek meubels in Johannesburg "gesaai" het vir mense wat in groot nood was. Voorwaar, as jy meubels saai dan kan jy meubels maai. Jy maai wat jy saai en gewoonlik maai jy meer as wat jy gesaai het. Probeer dit gerus.

By herhaling wil ek sê: *"If you have a need – sow a seed."*
Ek is seker jy het ook getuienisse rakende saai en maai?
Moet nie ophou gee nie, want op die regte tyd sal jy ontvang.

**Gaan gee aan die arme**

**Spreuke 19:17** *"Wie hom ontferm oor die arme, leen aan die Here; en Hy sal hom sy weldaad vergelde."*

Die Boodskap: *"Wie goed is vir die arme, maak eintlik 'n lening aan die Here. Op sy tyd en manier sal Hy hierdie goeie daad beloon."*

Miskien bid jy vir die arm mense in jou omgewing? Dankie dat jy omgee. Vandag wil ek jou vra om 'n kospakkie op te maak en dit aan 'n arm gesin te gaan gee.

Jy sal vind dat ons Skrifgedeelte waar is, want eintlik leen jy aan die Here. Dit klink vreemd om te sê dat ons aan die Here leen – maar dit is net wat hier geskrywe staan. Baie mense vandag betaal nie hul lenings nie, maar as ons aan die Here sou "leen" weet ek Hy sal ons beloon met meer as wat ons ooit kan dink of verwag.

Ons behoort die boodskap van Joh. 3:16 uit te leef. God het so lief gehad dat Hy gegee het. Hy het Sy enigste Seun gegee. God het Jesus na hierdie aarde gestuur om vir ons 'n volmaakte prys te kom betaal.

In Joh. 1:14 lees ons: *"En die Woord (Jesus) het vlees geword en het onder ons kom woon..."* The Message vertaal hierdie teks soos volg: *"The Word became flesh and blood, and moved into the neighbourhood."*

Dit is wat jy en ek moet doen – ons moet in die Naam van Jesus uit beweeg in ons woonbuurt om 'n verskil daar te maak. Ons moet nie net kerk wees wanneer ons op 'n Sondag saam aanbid nie, maar ons moet kerk wees deur die week. Deur 'n kospakkie vir 'n arm gesin óf persoon te gaan gee, sal jy juis "kerk" vir hulle wees.

Besluit om 'n verskil te maak in iemand se lewe, deur te gee.
Wees 'n verlengstuk van Jesus se hande en voete.
Dit is in elk geval beter om te gee as om te ontvang.

**Jy is gebore as ‘n wenner**

**2 Korinthiërs 4:8,9** *"In alles word ons verdruk, maar ons is nie teneergedruk nie; ons is verleë, maar nie radeloos nie;...neergewerp, maar nie vernietig nie."*

Die Lewende Bybel: *"Van alle kante af sak moeilikheid op my toe, maar hulle druk my nie plat nie. Ek verstaan nie altyd waarom dinge gebeur nie, maar dit maak my nie moedeloos nie...Partykeer is ek platgeslaan, maar ek gaan weer aan."*

Ek wen nie in alles wat ek doen nie – maar ek veg om nie te verloor nie! Ek tree só op, want God het my gemaak om ‘n wenner te wees. Jy moet dit ook opnuut besef. Lees Gen. 1:26. Jy sal vir my lag as ek jou vertel dat ek al hierdie Skrif gebruik het wanneer ek visvang. Kinderlik het ek vis "geroep" na my hoek – en ek het genoeg getuienisse dat dit vir my werk.
Toe Paulus 2 Kor. 4:8,9 geskryf het, was hy sekerlik onder groot druk, want hy noem dat van alle kante af het moeilikheid op hom toegesak. Hy erken dat daar tye was dat hy platgeslaan was, maar dat hy weer opgestaan het. Jy sien, die lewe is soos ‘n boksgeveg. ‘n Kampioen-bokser word soms platgeslaan – maar hy is juis ‘n kampioen omdat hy weer kan opstaan. As ‘n kind van die Koning van alle konings moet dit jou gesindheid wees om elke keer weer te kan opstaan. Besluit om nooit te bly lê nie. Wat ookal met jou gebeur óf wat jy ookal aanpak in die lewe, moet nooit vergeet dat God jou gemaak het om ‘n wenner te wees.
Leer ook jou kinders om nie net ‘n sport te geniet nie, maar leer hulle van jongsaf om ‘n wenner te wees. Al sou hulle soms verloor moet dit hulle nie keer om die volgende keer te gaan vir die wen nie.

Ek noem jou *"Die geseënde van die Here"* – want dit is jy. Bid die gebed in Ps. 139:13,14 (Die Boodskap) *"Here, U het my tot in die fynste detail gemaak...Ek wil U prys omdat U my so volmaak geskep het."*

**Strek jouself uit na wat voor is**
**Filippense 3:14** *"Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus."*
Die Lewende Bybel: *"Ek haal alles uit om by die eindpunt aan te kom en die prys te wen – die nuwe lewe in die hemel waarvoor God ons geroep het deur alles wat Jesus Christus gedoen het."*

Vir sommige was die afgelope tyd 'n mooi een, vir ander was dit een van hartseer, pyn, en teleurstellings. Indien jy vashaak by die negatiewe dinge wat jy ondervind het, sal jy nooit in 'n lewe van oorwinning kan kom nie. Vergeet die verkeerde verlede – daar is 'n doel wat wag! Droom sterker oor die begeertes wat jy het. *"If you can dream it, you can do it".* God is instaat om jou drome te vervul.
Die duiwel sal altyd jou besig hou om terug te kyk na die verkeerde verlede, terwyl God sê dat ons al die negatiewe dinge wat met ons gebeur het moet vergeet en ons uitstrek na dit wat voor ons is. Paulus moes vergeet hoe hy die gemeente vervolg het. (vers 6) Die mooi dinge wil ons onthou en God dank daarvoor – maar die negatiewe dinge moet ons vergeet. Moenie fokus op gister se teleurstellings, pyne en mislukkings nie. Om gedurig terug te kyk is nie die regte ding as jy vooruit wil gaan nie. Neem jou Bybel en lees wat God sê van wat jou toekoms in Hom is. Hy sê dat Hy jou 'n nuwe skepsel gemaak het (2 Kor. 5:17) en dat jy meer as 'n oorwinnaar is in alles wat jou bedreig. (Rom. 8:35,37) Lees dit weer en glo dit!

Dit is in jou om meer te bereik as wat jy tot hiertoe bereik het.
Jou potensiaal is om verder uit te strek as ooit voorheen.
Haal alles uit – en daar is baie in jou – om jou doel te bereik!

## Verseël met die Heilige Gees

**Efésiërs 1:13,14** *"...in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte, wat die onderpand is van ons erfdeel om Sy eiendom te verlos tot lof van Sy heerlikheid."*

The Amplified: *"In Him you also who have heard the Word of Truth...were stamped with the seal of the long-promised Holy Spirit. That Spirit is the guarentee of our inheritance – the first fruit, the pledge, and foretaste, the down payment on our heritage..."*

In die eerste hoofstuk van Efésiërs word ons geleer wat ons alles "In Jesus Christus" is. In ons teks word ons vertel dat ons "verseël" is met die Heilige Gees. Dit is asof God ons 'n ring gegee het om te dra en die Bybel noem dit "die verseëling met die Heilige Gees."
Op die 17de Desember 2014 het ek 'n troue waargeneem in Jeffreysbaai. Dit was op die strand naby Tapas restourant.
Net nadat die bruidegom vir die bruid 'n pragtige en duur ring gegee het, het iets skokkend gebeur. Die bruid het, net voordat ek vir hulle die seëngebed gebid het, haar ring laat val op die sand! Ek het die ring sien val – maar toe ek weer kyk was die ring weg. Die bruidegom en ek het op die sand gekniel, en met ons hande, deur die sand gewerk om die ring te probeer kry.
In 'n paar sekondes het die ring 'n handbreedte weggesak in die sand. Met 'n gebed in my hart het ek met die derde probeerslag die ring in my hand gewaar. Die bruidspaar het hul huweliksbeloftes verseël deur ringe aan mekaar te gee.
Die les wat ek geleer was: Hoeveel mense is daar nie vandag wat hul "verseëling met die Heilige Gees" verloor het nie?

Is jy verseël met God se Heilige Gees – en bewaar jy dit?
Onthou dat die Heilige Gees is nog net die "deposito" van dit wat nog sal kom.
Wat jy ookal geestelik verloor het – soek totdat jy dit vind.

# Leef jou volle potensiaal!

**Genesis 1:28** *"En God het hulle (die mens) geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip."*

Ons het die potensiaal om te heers, 'n wenner te wees en om 'n vrugbare lewe te leef. Wanneer ons praat van potensiaal dan praat ons van die sluimerende moontlikhede in ons (dorment ability) die ongebruikte krag wat ons in ons het en die verborge talent. Potensiaal is alles wat jy kan wees maar nog nie geword het nie. Dit is hoe vêr jy kan uitstrek maar nog nie geraak het nie. Potensiaal is om nie te berus in wat jy reeds bereik het nie – want een van ons grootste vyande is die woord "sukses". Moet dus nooit tevrede wees met jou laaste sukses nie.
God kyk na Gideon en sien beslis iets anders as wat hy in homself gesien het. Gideon sien dat sy familie gering is en hy die minste – terwyl God die potensiaal in hom sien om 'n dapper krygsman te wees. God kyk na Jakob. die bedrieër, en sien die Messias wat deur sy geslagslyn gebore sou word. God kyk na Dawid, die jongste seun in sy gesin, en sien 'n gesalfde koning. Só kyk God ook na jou en my!
In jou is daar meer potensiaal as wat jy dink. Lees en glo weer Fil. 4:13 *"Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."* In Grieks kom hierdie vertaling hierop neer: *"Christ who continues to infuse me with ability."* Dr. Myles Munroe het gesê: *"The people who change the world are people who have taken the word 'impossible' out of their dictionaries. Whenever God gives you responsibility, He also gives you the ability to meet that responsibility."*

Moet nie jouself onderskat nie – glo wat geskrywe staan:
*"...My genade is vir jou genoeg, want My krag word in swakheid volbring...Want as ek swak is, dan is ek sterk."*
(2 Kor. 12:9,10)

## Alles is onder Sy voete

**Efesiërs 1:22** *"En Hy het alle dinge onder Sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee..."*
Die Boodskap: *"God self het vir Jesus die magtige posisie gegee om oor alles en almal te heers, ook oor die kerk...Jesus is soos die kop en die kerk soos die res van die liggaam. Saam is hulle een. Die kop beheer die liggaam en laat sy invloed deur die hele liggaam vloei..."*

Alle gelowiges in 'n gemeente staan bekend as die liggaam van Christus. (1 Kor. 12:27) Jesus is die hoof van die kerk en Hy het alle dinge onder die "voete van Sy gemeente" geplaas. En as ons vers 21 mooi verstaan kom dit hierop neer dat Jesus Christus, deur ons wat Sy liggaam is, heers oor alle owerheid en mag en krag en heerskappy en oor elke ding wat 'n naam het. Van die begin af was God se doel met Sy kinders dat ons sal heers. (Gen. 1:28) God het ons nie gemaak om verloorders te wees nie.
Ek weet nie waarmee jy tans worstel nie? Maar as kind van God wil ek jou bemoedig om jou posisie in Christus te verstaan. Jy het die reg om jou voete neer te sit op enige probleem. Doen dit in die Naam van Jesus!
Ek het geleer dat ons probleme wat nog nie 'n naam het nie, is die probleme wat ons nie maklik oorwin nie. Identifiseer jou probleem en gee dit 'n naam. Die oomblik as jy dit gedoen het, plaas jy daardie probleem onder jou voete en neem dan heerskappy oor dit op grond van ons Skrifgedeelte vandag. Omdat Jesus heers werk Sy krag ook in ons. Ek hou van die woorde in Die Boodskap (verse 19-21) *"Verder bid ek ook dat julle sal agterkom dat die krag van God wat in ons werk sterker as enigiets anders is..."*

Dank God! Jesus Christus se invloed sal deur jou en my vloei. Neem gesag oor elke situasie en elke probleem en plaas dit onder jou voete.
Mag jy agterkom dat God se krag sterker is as enigiets anders.

# Wat moet jy elke dag vir jouself sê?

**Psalm 27:8** *"Van U sê my hart: Soek My aangesig! Ek soek U aangesig, o Here!"*

Die Boodskap: *"Ek sê elke dag vir myself: Jy moet die Here dien. Soek na Sy teenwoordigheid. Daarom aanbid ek U, Here."*

Dawid is iemand wat homself baie aangemoedig het – dit vind ons ook in Psalm. 27. Vers 1: *"Die Here is my lig en my heil; vir wie sou ek vrees?* Vers 3: *"Al word 'n laer teen my opgeslaan, my hart sal nie vrees nie..."* Dan skryf hy vers 8 waar hy uitroep: *"Ek sê elke dag vir myself: Jy moet die Here dien..."* Moedig jouself, elke dag aan, om God te soek en Hom te dien met jou hele hart.
Een van die beste maniere om dit te doen is om jou Bybel gereeld te lees en daagliks te bid. Daar is tye dat ek net gaan sit en my Bybel lees-en-lees, totdat ek gewaar dat God met my daaruit praat. Geen prediker moet die Bybel lees net om 'n preek te kry nie. Ons moet die Bybel lees omdat ons juis God soek. In 2 Tim. 3:16 lees ons: *"Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek..."* Onderstreep die woorde "*'n regte lewenswyse te kweek."* Dit is juis wat die Bybel doen. Die Skrif (jou Bybel) is daar om jou toe te rus vir die lewe. Dit sal jou lei in waarheid en beskerm teen dwalinge. Dit sal jou help om dinge wat verkeerd is reg te stel en reg te leef – maar bó alles sal jou Bybel jou help om in 'n nouer verhouding met God te leef.

Sê vir jouself dat jy die Here se teenwoordigheid begeer.
Jy is in beheer van jou tyd – gebruik dit die beste wat jy kan.
Motiveer jouself en moenie wag dat ander dit vir jou doen nie.

## God se vrede

**Kolossense 3:15** *"En laat die vrede van God, waartoe julle in een liggaam geroep is, in julle harte heers, en wees dankbaar."* The Amplified: *"And let the peace (soul harmony which comes) from the Christ rule (act as umpire continually) in your hearts – deciding and settling with finality all questions that arise in your minds..."*

Die woord "vrede" kom van die Hebreeuse woord "shalom" wat 'n besondere betekenis het. Ek gee die Engelse verduideliking van shalom: *"Completeness, wholeness, health, peace, welfare, safety, prosperity, perfectness, fullness, rest and harmony."* Dit is 'n pragtige verduideliking wat die woord "vrede" beteken.

As ek my deure saans sluit, soek ek vrede in my huis. As ek vrede in my huis het, sien ek kans vir enige probleem. Doen dus jou bes om die vrede te bewaar. Die Boodskap stel dit so mooi in ons teks: *"Dit moet ook vir julle baie belangrik wees om die vrede wat Christus vir julle gegee het, tot elke prys te bewaar. As julle met mekaar begin vassit, maak juis dan die keuse vir die vrede van Christus."* Ons moet die keuse maak. God se vrede is soos 'n skeidsregter in ons harte. En onthou: Die skeidregter ken die reëls. Die skeidsregter blaas die fluitjie. Die skeidsregter se beslissing is finaal.

Voordat jy 'n finale besluit neem oor 'n belangrike saak, maak seker dat God se Woord tot jou gespreek het; dat jy die omstandighede om jou het wat jou sal laat besef wat die Here van jou verwag. Maar bó alles dat jy Sy vrede in jou hart het. Moet nooit 'n besluit neem sonder God se vrede nie!

Leer om te verdra en te vergewe, sodat jy vrede sal besit.
Laat God se liefde 'n muur wees wat jou vrede sal beskerm.
Vul jou hart met Sy Woord en sing tot eer van God. (vers 16)

**Moeilikheid moet ons nie vernietig nie**

**2 Korinthiërs 4:8,9** *"In alles word ons verdruk, maar ons is nie teneergedruk nie; ons is verleë, maar nie radeloos nie; ...neergewerp, maar nie vernietig nie."*

Die Lewende Bybel: *"Van alle kante af sak moeilikheid op my toe, maar hulle druk my nie plat nie. Ek verstaan nie altyd waarom dinge gebeur nie, maar dit maak my nie moedeloos nie...Partykeer is ek platgeslaan, maar ek gaan weer aan."*

Dit is die vierde keer dat ek 'n "Dagstukkie" uitstuur vanuit hierdie Skrifgedeelte. Dit wys hoe ryk God se Woord is – ja, dit bly altyd nuut en het altyd 'n vars boodskap. Wat ek graag vandag wil onderstreep is dat ons nie moet toelaat dat moeilikhede ons moet platslaan en vernietig nie. Indien ons wel 'n "harde hou" in die lewe kry moet ons vertroue in God só sterk wees dat ons dadelik die moed sal hê om weer op te staan.

Verder skryf Paulus in verse 16,18: *"Daarom gee ons nie moed op nie, al vergaan ons uiterlike mens ook, nogtans word die innerlike mens dag na dag vernuwe...omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig."*

Ons teks leer ons dat ons nie altyd sal verstaan waarom dinge met ons gebeur het nie. Ons sal ook nie altyd antwoorde kry vir die baie vrae wat ons vra nie. Die boodskap aan ons is: Indien daar druk kom moet ons nie moedeloos word nie. Wat ookal met my gebeur – ek sal nie bly lê nie, maar weer opstaan! Want die lewe gaan nie oor dit wat ek kan sien nie. Ek moet fokus op die onsigbare dinge – omdat dit ewige dinge is.

Indien hierdie boodskap vir jou is – gryp dit styf vas!
Miskien moet jy dit deel met iemand wat "platgeslaan" is?
Moeilikheid moet jou nie vernietig nie – jy kan weer opstaan!

## Duisternis oorwelding nie lig nie

**Johannes 1:4,5** *"In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie."*
Die Lewende Bybel: *"Hy besit lewe en kan lewe gee. Dit is hierdie lewe wat vir mense lig gebring het. Sy lig skyn in die donker, en die donkerte kan dit nie uitdoof nie."*

Lig sal nooit oorweldig kan word deur duisternis nie. Donkerte sal lig ook nooit kan uitdoof nie. In die New King James lees ons: "And the light shines in the darkness, and the darkness did not comprehend it." Collins English Dictionary sê: "If you cannot comprehend something, you cannot understand it." Daarom kan die wêreld nie verstaan waarom God se kinders anders as hulle lewe nie. (1 Kor. 2:14)
Die Griekse woord "katalambano" wat as comprehend" vertaal is, beteken: "Om kontrole te neem en om uit te doof". Daar is geen manier dat duisternis ooit dit kan doen met lig nie.
As Christene lê ons blydskap daarin dat ons weet dat lig nie net groter as duisternis is nie, maar dat dit altyd duisternis sal oorwin en oorleef. Ek hou van die woorde wat Jesus self gesê het in Joh. 8:12: "Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê."
Asseblief! Hou op om met duisternis te veg en gedurig die duiwel te bestraf. As jy Jesus volg sal jy die lig van die lewe besit. Skakel die lig aan deur die Here te ken in al jou weë en om Sy woord oor jou lippe te laat kom. Spreek Sy woord in elke area van jou lewe – want daar is lig en krag in Sy woord!

Jy is 'n kind van die lig en nie duisternis nie – leef daarvolgens!
Mag Sy lig deurbreek in siekte en probleme wat jy ondervind.
Hy wat in jou is, is groter as hy wat in die wêreld is.
(1 Joh. 4:7)

# Leef opreg in jou huis

**Psalm 101:2,3** *"Ek wil my daaraan wy om opreg te lewe. Wanneer kom U na my toe? In my huis wil ek lewe in opregtheid, niks wat sleg is, wil ek nastreef nie. Ek haat wat verkeerd is. Dit mag geen houvas op my hê nie."*

Die Boodskap: *"Ek wil probeer leef soos U wil hê. Wanneer kom U na my toe? Daar by my huis wil ek so leef dat U daarop trots kan wees. Ek wil niks met slegte dinge te doen hê nie. Ek hou ook net mooi niks van al die dinge wat slegte mense doen nie. Daarmee wil ek niks te doen hê nie."*

Louis Malherbe, 'n bekende spreker, het gesê: "As God na jou kyk wil Hy glimlag." Ek hou van die woorde in Die Boodskap: *"Daar by my huis wil ek so leef dat U daarop trots kan wees."*
Ons vind vandag dat mense 'n ander soort lewe leef by die kerk as by hul werk en by hul huis. Ek dink aan 'n vrou wat vir my gesê het dat sy 'n wonderlike man by die kerk gehad het maar 'n duiwel by die huis.
Dawid se begeerte was om opreg te leef in sy huis en daarom was hy gereed om God te ontvang vir 'n besoek. Hy nooi die Here as hy sê: "Wanneer kom U na my toe?"
Die mense wat die beste ons opregtheid kan bepaal is hulle wat saam met ons in een huis leef. Dit is hulle wat my gedrag kan toets wanneer ons saam eet, televise kyk, badkamer geriewe gebruik of net as gesin saam kuier en gesels. In die publiek kan ons maklik 'die beste voet voor sit' soos die spreekwoord dit stel – maar in ons huis is dit 'n ander storie. Opregtheid is iets wat diep in ons binneste is. Al sou iemand 'n menslike fout maak, maar hy is opreg, sal ek altyd respek vir daardie persoon hê. Onthou egter: Die lewe is 'n keuse – ek neem 'n keuse hoe ek wil leef.

Om opreg te leef begin by 'n menslike besluit – dan help God. *"Hy gee julle die begeerte om te doen wat Hy graag wil hê en dan gee Hy julle ook nog die krag om dit te doen."* (Fil. 2:13 – Die Lewende Bybel)

## God werk soos Hy wil

**2 Konings 5:10,11** *"Toe stuur Elisa 'n boodskapper na hom (Naäman) om te sê: Gaan heen, was jou sewe maal in die Jordaan; dan sal jou vlees terugkeer, en jy sal rein wees. Maar Naäman het baie kwaad geword en weggegaan..."*

Naäman was 'n groot generaal van koning Aram, wat baie oorwinnings behaal het, maar hy was melaats. (vers 1)
Sy koning het geweet van Elisa in Israel en het hom gestuur om sy genesing te gaan haal as die profeet vir hom sou bid. Naäman het gehoop Elisa sou voor hom kom staan en het gedink: *"Hy sal sekerlik na my uitkom en staan en die Naam van die Here sy God aanroep en sy hand oor die plek heen en weer beweeg en die melaatsheid wegneem."* (vers 11) God werk toe anders en Elisa sê hy moet homself sewe maal gaan was in die Jordaan. Om te dink hy moes homself gaan was in die vuil Jordaan terwyl sy land skoner riviere gehad het? Kwaad het hy weggejaag. Sy dienaars het hom omgepraat om homself wel te gaan was in die Jordaan. Hy is toe volkome genees, en sy vel was soos van 'n jong seun. Jy sien, God werk soos Hy wil. (Lees gerus die verhaal van Naäman in 2 Kon. 5.)
Kom ek vertel jou my ondervinding in Kroonstad terwyl ek besig was om 'n kerk te bou. Op 'n dag was ek weer in my oorpak (wat maar lekker vuil was) besig om hard te werk. 'n Buurvrou oorkant die kerk daag daar op met angs en vra my om vir haar sterwende man te kom bid. Ek wou eers my vuil hande was, maar sy was so vasberade dat ek dadelik moes kom. Ek het my vuil hande op sy hoof geplaas en ernstig vir hom in die Naam van Jesus gebid. Daardie dag het ek gesien dat die Here deur "vuil hande" kan werk soos Hy wil, want onmiddelik was die man gesond. Al die eer gee ek aan die Here.

God werk soos Hy wil en Hy gebruik wie Hy wil gebruik.
Hy verlang ons gehoorsaamheid meer as enigiets anders.
Dit is duidelik dat die Here op baie maniere Sy doel kan bereik.

## Guns by mense

**Handelinge 2:47** *"...terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele volk. En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is."*
Die Lewende Bybel: *"Die hele volk het 'n goeie opinie van hulle gehad."*

Vanaf vers 42 lees ons dat God verskillende dinge gebruik het om die eerste kerk in Jerusalem te laat groei. Ek noem die volgende: God het hulle laat groei omdat hulle geweet het wat dit was om te bid. Omdat hulle met mekaar kon "fellowship" en dat hulle hul brood met mekaar kon deel. Omdat wonders en tekens onder hulle plaasgevind het. Omdat hulle alles saam besit het – soveel so, dat hulle van hul eiendom verkoop het om mekaar te help. Omdat hulle daagliks die tempel besoek het – hulle het dus gereeld kerktoe gegaan. Omdat hulle dankbare mense was. Omdat hulle God opreg geprys het. Maar dan sluit dié gedeelte af met die woorde: *"...en (omdat hulle) in guns was by die hele volk."* Graag wil ek in hierdie teks die woord "guns" onderstreep. Ons kan al die vorige dinge wat ons so pas aangehaal het doen, maar as ons nie guns by mense het nie sal ons nie groei in die kerk sien nie. Genade is vry en verniet, maar guns is iets wat ons verdien.
Ons sal nie guns by mense kry as ons aggressief teenoor hulle optree nie. Daarom moet ons met die grootste liefde met mense werk. Ons sal guns by mense kry as ons hulle waardeer. Wanneer iemand iets goeds aan jou gedoen het, spreek dadelik waardering uit – al is dit met 'n boodskap op jou foon. Ook as jy iemand help, met selfs die geringste, sal jy guns verkry by daardie persoon. Ek wil ook iets byvoeg wat John Maxwell gesê het: *"Find somebody doing good and tell everybody about it."*

Guns is nie iets wat ons verdien nie – ons moet daarvoor werk.
Ons soek guns by God – maar verseker ook by mense.
Guns is 'n gesindheid wat 'n groot rol speel in ons lewens.

## Blydskap – Bid – Dankbaarheid

**1 Thessalonicense 5:16-18** *"Wees altyddeur **bly**. **Bid** sonder ophou. Wees in alles **dankbaar**, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle."*

Die Boodskap: *"Wees altyd vol **blydskap**. Praat met die Here elke keer as julle die kans het. Moet nooit moeg word om te **bid** nie. Hy hoor! Wees heeltyd **dankbaar** teenoor God, wat ook al met julle gebeur. Dan stap julle op die pad wat God vir julle beplan het toe julle in Christus Jesus begin glo het."*

**Blydskap – Bid – Dankbaarheid,** is voorwaar dié drie dinge wat ons sal help om te stap op die pad wat God vir ons beplan het. Haal een van hierdie waarhede uit jou lewe uit dan praat jy van 'n "cul-de-sac" wat jy as mens sal bereik. Jy sal verseker dan kom by 'n doodloopstraat in jou lewe.

**Dank die Here vir blydskap.** Volgens Neh. 8:11 is die blydskap in die Here ons beskutting. Ja, blydskap is soos 'n muur om jou wat jou beskerm teen enige aanval wat jy mag beleef. Ek sê altyd: *"'n Bly mens is 'n vry mens."*

**Wat Bid betref** – Dit is 'n waarwoord dat gebed lewe bring in jou gees soos wat suurstof lewe bring in jou longe. Gebed is dié manier wat ons kan gebruik om ons hartsake met die Here te kan deel. God hoor verseker gebed. Ook as jy vandag weer ernstig tot Hom sal bid.

**Wat kan ek sê oor dankbaarheid?** Dankbaarheid is daardie gesindheid in jou hart wat jou deur die moeilikste slaggate in die lewe sal deurdra. Iemand wat geneig is om baie te kla, sal dit nie so maklik reg kry nie.

Ons dink aan die lied: *"Tel jou seëninge, tel hul een vir een."* Hoe meer ons al die seëninge begin tel, hoe meer sal dankbaarheid ons harte vul.

Leef volgens Fil. 4:4 wat sê: *"Verbly julle altyd in die Here..."*
Moet nooit moeg word om te bid nie – weet dat Hy jou hoor.
Werk aan jou gesindheid, wat ons dankbaarheid noem!

## ‘n Aanraking van God

**Markus 10:13,16** (Die Lewende Bybel) *"Eenkeer het daar mense met hulle kindertjies na Jesus toe gekom sodat Hy die kindertjies met Sy hande kon aanraak en hulle seën...Toe het Hy die kindertjies in Sy arms geneem en Sy hande op hulle kop gesit en hulle geseën"*

Dit was ‘n aanraking van Jesus wat die melaatse man in Markus 1:40-42 genees het. In jou siekte (óf van jou geliefde) sal ‘n aanraking van Jesus genesing bring. Vra iemand om vir jou, en jou geliefde, te bid. Want deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom. (1 Petrus 2:24) Dit was een aanraking van God se koolvuur van Sy altaar wat Jesaja geroep het, sodat hy kon uitroep: *"Hier is ek stuur my."* (Jes. 6:5-8) Miskien het jy ‘n vars aanraking van die Here nodig sodat jy jou met oorgawe kan aanmeld dat Hy jou kan gebruik?
Dit het weer vir my duidelik geword dat ons kinders ‘n aanraking van die Here nodig het. Ons kinders word meer aangeval deur die siele-vyand as ooit tevore, meer as toe jy en ek kinders was. Bring jou kinders en kleinkinders (al is dit deur gebed) na Christus en vra Hom om Sy arms om hulle te sit en hulle op ‘n spesiale wyse te seën. Mag die plek waar ons kinders Sondae bymekaar kom ‘n plek wees waar Jesus Homself aan hulle sal openbaar en selfs die jongste onder hulle sal aanraak.
Dit was altyd treffend vir my om te sien hoe sit ons tieners reg voor in die diens nadat hulle by ‘n Jeugkamp was. Nie daar agter in die kerk, soos voorheen nie. Want dit was by die Jeugkamp waar hulle met die Here ontmoet het en ‘n groter liefde gekry het vir Sy woord. Vir elkeen wat bekommerd is oor jou kinders, lees weer met aandag Jer. 31:16,17.

Weet jy dat Christus ook mense wil aanraak deur jou?
Wees dus beskikbaar dat Hy, deur jou, ander kan aanraak.
Mag jy persoonlik ‘n aanraking van Hom ondervind!

## Die vrug van die Gees

**Galasiërs 5:22** *"Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing."*
Die Lewende Bybel: *"Maar as dit die Heilige Gees is wat ons lewe oorheers, bewerk Hy die goeie dinge in ons soos die vrugte wat aan 'n boom gedra word. Hy gee liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, vrygewigheid, betroubaarheid, nederigheid en selfbeheersing."*

Die Here verlang dat ons vrug moet voortbring, en ons moet altyd onthou dat die vrug wat die boom dra nie vir homself is nie, maar vir ander om te geniet. Deel jou vrug met ander om te geniet.
In Joh. 15:8 het Jesus gesê: *"Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug sal dra; en julle sal My dissipels wees."* Ons sal dus bekend staan as 'n dissipel van Jesus Christus deur die vrug in my lewe.
Iemand het dit in Engels soos volg gestel: *"Don't show me your charisma, show me your character."* My geestelike lewe gaan nie soseer oor wat ek kan doen en my bekwaamheid nie, maar in die soort lewe wat ek leef.
Ek sien dit so: Ons is verbind aan die Gees met 'n "takkie" van liefde. Blydskap is liefde wat juig; Vrede is liefde wat rus; Lankmoedigheid is liefde wat nie moed verloor nie; Vriendelikheid is liefde wat uitstraal na ander; Goedheid is liefde wat altyd wil help; Getrouheid is liefde wat net nie ophou nie; Sagmoedigheid is liefde wat nie kan verhard nie; Selfbeheersing is liefde onder kontrole. Die vertaling in Die Lewende Bybel stel dit so mooi: *"Maar as dit die Heilige Gees is wat ons lewe oorheers, bewerk Hy die goeie dinge in ons soos die vrugte wat aan 'n boom gedra word."*

Gee ten volle oor aan die Heilige Gees om jou lewe te beheer.
Mag die vrug in jou lewe vir ander hoop gee in hul lewens.
Omdat ons Hom liefhet sal ons leef tot Sy eer.

## Aanvaar die boodskap van redding

**1 Timótheüs 1:15** *"Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red, van wie ek die vernaamste is."*
Die Boodskap: *"Luister hierna, want niemand kan hieroor stry nie: Jesus Christus het na die wêreld toe gekom om mense wat verkeerd lewe, te help om weer God se vriende te word; ek weet, want as dit by 'n slegte lewe kom, het ek voor in die ry gestaan."*

Toe ek tot bekering gekom het, het ek gevoel dat ek *"voor in die ry gestaan het"* (soos Paulus) en dat ek die grootste sondaar was. Jy voel so wanneer jy bewus word van God se liefde en genade teenoor jou.
Jesus het na hierdie wêreld gekom om sondaars te verlos. Ja, om mense wat verkeerd lewe, te help om weer God se vriende te word. Wat 'n mooi stelling! Jy sien, sonde het skeiding gebring tussen ons en God. (Jes. 59:1,2) Jesus het gekom as die Lam van God wat nie net ons sondes vergewe nie maar wat ons sonde wegneem. (Joh. 1:29)
Kyk wat het Jesus met jou sondes gedoen, toe Hy jou vergewe het. Kol. 2:14: *"Hy het 'n streep getrek deur die rekening van ons skuld, die lys van al die wette wat ons oortree het. Dit het alles teen ons getel, maar God het hierdie rekening tot niet gemaak toe Hy dit teen die kruis vasgespyker het."* (L/B)
Dank God dat Hy my sondes tot niet gemaak het – dit laat verdwyn het uit my lewe. Sondes wat Hy vergewe het werp Hy in die diepte van die see. (Miga 7:19) Hy dink ook nie weer aan ons sonde nie. (Jer. 31:34) En as God nie weer daaraan dink nie, moet jy en ek ook nie weer daaraan dink nie. Ai, hoe baie gelowiges pynig hulself omdat hulle nog steeds dink aan hul verlede sondes, terwyl hulle reeds daarvan verlos is.

As God 'n werk begin het sal Hy dit voltooi.
Ek weet dit, want God doen nooit halwe werk nie.
Aanvaar opnuut die boodskap van redding en vergifnis.

# Die Naam van die Here

**Spreuke 18:10** *"Die Naam van die Here is 'n sterk toring; die regverdige hardloop daarin en word beskut."*
The Amplified Bible: *"The name of the Lord is a strong tower; the righteous man – upright and in right standing with God – runs into it and is safe..."*

Die Here word geken deur baie name. In Ex. 15:26 het Hy Homself bekend gemaak as *"Yahweh-Rapha"* wat beteken: *"Ek is die Here wat jou gesond maak"*. Hierdie belofte het God aan Israel gegee toe hulle die bitter water van Mara nie kon drink nie. Moses moes 'n stuk hout in die water gooi sodat dit weer soet geword het. Ek weet ook van 'n kruishout wat bitter waters weer soet kan maak – dit is die kruishout van Jesus. Die Naam van die Here wil ook vandag aan jou genesing bring. asook aan enige familie of persoon wat jy ken in nood.
Die woord "rapha" beteken: "Om gesond te maak, heel te maak en om gesondheid te herstel". God is ons geneesheer; Hy is ons voorsiener; Hy is ons verlosser en ook ons beskerming, daarom sê ons teks: *"Die Naam van die Here is 'n sterk toring; die regverdige hardloop daarin en word beskut."*
In Ps. 91 belowe die Here dat Hy ons sal beskerm. Ons lees in verse 14, 15: *"Die Here sê self: Iemand wat My liefhet, sal Ek uit enige gevaar bevry. Ek sal hom beskerm omdat hy My vertrou. Wanneer hy My om hulp vra, sal Ek hom help; Ek sal hom in enige krisis bystaan."* (Die Boodskap)
Vroeër het kerke baie die volgende liedjie gesing: *"Blessed be the Name of the Lord. Blessed be the Name of the Lord. Blessed be the Name of the Lord most high.....The Name of the Lord is a strong tower, the righteous run into it and they are saved. The Name of the Lord is a strong tower, the righteous run into it and they are saved."* As jy dit ken, sing dit weer.

Verseker is die Naam van die Here vir jou 'n skuilplek.
God het gesê dat Hy jou in enige krisis sal bystaan – glo dit!
*"As God vir ons is, wie kan teen ons wees?"* (Rom. 8:31)

## Die wat gebroke is

**Lukas 4:18,19** *"Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; om aan die gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur..."*

Gisteroggend op pad van die lughawe af, het ek na 'n praatjie oor RSG geluister rakende gebroke mense in ons land. Ek is so jammer dat ek dit nie kon opneem nie. Wat my getref het was, dat veral sterwende mense, ontslae wou raak van dinge wat hulle ontwrig het in hulle lewe. Dit wys hoe hierdie "seer dinge" hulle gekeer het om 'n lewe van oorwinning te kon leef. Baie gebrokenheid het gegaan oor familie wat hulle verwerp het, mense wat hulle bedrieg het, seksuele misbruik en 'n verskeidenheid van dinge. Dit het net weer vir my baie duidelik geword dat ons in 'n gebroke wêreld leef. Jy hoef nie vêr te soek vir iemand wat gebroke is nie.
Dank God vir die "goeie nuus" van Jesus Christus om dié wat gebroke van hart is te genees, en om hulle in vryheid weg te stuur. Jesus vergewe nie net alleen nie – Hy was ons in Sy kosbare bloed en plaas ons voete op 'n splinternuwe pad. Dit is waarom "Die Evangelie" die blye boodskap is.
Dit laat my dink aan die duif wat die priester in bloedwater gedoop het en laat wegvlieg het oor 'n oop veld. (Lev. 14:6,7) Die bevryding wat Christus deur Sy bloed gegee het, is voldoende om elke gebrokene te laat 'wegvlieg' na ware vryheid. "As die Seun julle vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees"

The Collins Dictionary says:
*"Someone who is broken-hearted is very sad and upset because they have had a serious disappointment."*
Vir wie dit moet hoor – Christus kan 'n gebroke hart genees!

**Ware droefheid bring oorwinning**

**2 Korinthiërs 7:10** *"Want die droefheid volgens die wil van God werk 'n onberoulike bekering tot redding, maar die droefheid van die wêreld werk die dood."*
Die Boodskap: *"...die regte soort hartseer, ...bring 'n mens altyd terug na Hom toe."*
The Amplified: *"For godly grief...produce a repentance..."*
The Living Bible: *"For God sometimes uses sorrow in our lives to help us turn away from sin and seek eternal life."*

Droefheid is 'n diep gevoel van hartseer en verwyt – en indien dit 'n werking is van die Gees van God in ons harte – help dit ons om om te draai van dit wat verkeerd is in ons lewe na dit wat reg is. Onthou: Die regte betekenis van sonde is om die doel te mis.
In die vorige hoofstuk het Paulus die Korinthiërs sterk vermaan om heilig te lewe en hulle daarop gewys dat hulle die tempel van die Heilige Gees is en dus niks onrein moes aanraak nie. (2 Kor. 6:16,17) Hulle het nie van hierdie vermaning gehou nie en was bedroef daaroor. Maar hierdie droefheid was tot hul redding, veral as ons lees wat Paulus geskryf het in vers 9:
*"Nou is ek bly, nie omdat julle bedroef was nie, maar omdat julle bedroef was tot bekering..."*
Ware droefheid het Dawid gehelp om geestelik te herstel, nadat hy gesondig het. In Ps. 51 vind ons hoe Dawid regmaak met God – maar dit het begin met ware droefheid.
Waarheid wat van God kom veroorsaak in baie gevalle eers 'n droefheid, voordat ons bereid is om te verander. Ek dink die ou gesegde is so waar wat sê: *"You have to be cruel to be kind."* Werk God nie ook soms só met ons as Sy kinders nie?

Is daar 'n diep droefheid in jou hart wat jy tans ondervind?
Is dit nie moontlik God wat iets nuuts vir jou beplan nie?
Mag wat jy tans ondervind jou help om jou doel nie te mis nie.

# Vrymoedigheid

**Hebreërs 10:35** *"Werp dan julle vrymoedigheid, wat 'n groot beloning het, nie weg nie."*
The Amplified Bible: *"Do not, therefore, fling away your fearless confidence, for it carries a great and glorious compensation of reward."*

Vrymoedigheid en vertroue is aanmekaar verbind. Daarom sal jy vind dat die vertaling in Die Boodskap soos volg lees: *"Moet dus nie toelaat dat daar 'n krakie in julle vertroue op God kom nie. Wie op God bly vertrou, sal 'n groot beloning by Hom kry."*
As jy jou vrymoedigheid verloor het – en dit raak meer as jou geestelike lewe – dan het jy jou vertroue verloor.
In Engels word die woord "boldness" gebruik. Collins Dictionary says: *"Someone who is bold is not afraid to do things which involve risk or danger."* Is jy bereid om te waag omdat jy glo?
Een van die mooiste verhale van vrymoedigheid vind ons in Luk. 18 waar 'n weduwee aanhou hulp vra het by 'n onregverdige regter, totdat hy na haar moes luister. As jy oortuig is dat jou saak reg is, moet jy volhard totdat jy jou doel bereik het.
Natuurlik verloor jy jou vrymoedigheid as jy skuldig voel oor iets. Ek vind ook dat baie mense nie vrymoedigheid het nie omdat hulle nie hul plek in Christus ken nie. As jy net luister hoe hulle bid sal jy agter kom hulle voel dat hulle eintlik nie die reg het om God sekere dinge te vra nie. Terwyl Fil. 4:19 dit duidelik stel: *"En my God sal elke behoefte van julle vervul na Sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus."* Glo opnuut vandag hierdie woord en tree op met groot vrymoedigheid deur positief te praat.

*"Vra en vir julle sal gegee word..."* (Matt. 7:7)
Dit gaan meer as gebed – waag om te vra wat jy nodig het.
Daar is verseker 'n beloning gekoppel aan vrymoedigheid.

# Gee alles oor aan Hom

**Spreuke 16:3** *"Laat jou werke aan die Here oor, dan sal jou planne uitgevoer word."*

Die Boodskap: *"Ken die Here in alles wat jy wil doen, dan sal Hy jou help om dit uit te werk."*

The Amplified Bible: *"Roll your works upon the Lord – commit and trust them wholly to Him; [He will cause your thoughts to become agreeable to His will, and] so shall your plans be established and succeed."*

Om oor te gee is nie iets makliks nie, want ons is geneig om ons sake self te hanteer. Vroeër het ons 'n liedjie in Engels gesing met hierdie woorde: *"Let go and let God have His wonderful way."* Dit is presies wat ons behoort te doen. Ons bring ons sake na die Here in gebed, maar as ons van ons knieë opstaan neem ons weer ons laste op ons skouers om dit self verder te dra. Ek is in elk geval van mening dat die meeste laste wat ons dra, is laste wat onsself op ons geplaas het.
Jesus se uitnodiging kom vandag weer vars en duidelik tot jou in Matt. 11:28: *"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee."* Maak gebruik van hierdie uitnodiging – jy kan Hom ten volle vertrou met die diepste dele van jou hart.
Ons Skrifgedeelte sê as ons alles aan die Here sal oorlaat sal al ons planne uitgevoer kan word – natuurlik volgens Sy wil. The Amplified Bybel sê: *"...He will cause your thoughts to become agreeable to His will..."* As jy alles aan Hom oorlaat sal Hy jou gedagtes verbind met Sy wil – dan word jou plan Sy plan wat uitgevoer word.

Moenie langer dit waarmee jy besig is, op jou eie hanteer nie. Leer om alles aan die Here oor te gee om jou sake uit te werk. Hy gee jou die begeerte asook die krag om dinge te doen. (Lees Fil. 2:13 in Die Lewende Bybel)

**Toerusting tot diens**

**Efésiërs 4:11,12** *"En Hy (God) het gegee...apostels...profete...evangeliste...herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk..."*

Die Boodskap: *"Hierdie mense, met die spesiale gawes...werk saam om die gemeente te help en voor te berei om hulle werk as Christene in die wêreld goed te kan doen."*

Dank die Here vir die geestelike leiers wat daar is om ons toe te rus sodat ons meer effektief deur die Here gebruik kan word. Kom ons bid meer vir ons gemeente-leiers.
Ek glo, volgens 1 Kor. 12:18, dat die Here elkeen in die gemeente geroep het om 'n sekere taak te vervul soos wat Hy gewil het.
Ek hou van hulle wat preek en woorde gebruik soos: *"Impact your world."* want net daar waar ons werk of studeer behoort ons 'n verskil te maak. Jy en ek sal 'n beter verskil maak indien ons toegerus is vir dit waarvoor ons geroep is. Wees iemand wat gewillig is. Gewillige mense maak God bekwame mense.
In "Die Boodskap" lees ons in Matt. 10:5: *"Jesus het vir hulle die nodige toerusting gegee, naamlik die mag om bose geeste te verjaag wat mense se lewe deurmekaarkrap, om siekes gesond te maak, en om mense te help wat op die een of ander manier deur die lewe gekneus is."*
Wow! Dit is presies wat Jesus met jou wil doen. Hy begeer dat jy toegerus sal word om mense te help wat op een of ander manier deur die lewe "gekneus" is. Daar is baie.
Matt. 10 was oorspronklik gegee aan Christus se eerste dissipels – maar ek is oortuig dat dit ook vir ons bedoel is vandag.

Maak dubbel seker waarvoor God jou geroep het.
Sorg dan dat jy toegerus word om jou taak beter te doen.
Maar bó alles! Stel jouself beskikbaar dat Hy jou kan gebruik.

# God se Genade

**Efésiërs 2:8** *"Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie; dit is die gawe van God."*
Die Lewende Bybel: *"Dit is net omdat God vir ons goed is dat Hy ons gered het. Ons kon onsself nie red nie, maar God gee dit vir ons veniet as ons op Jesus Christus vertrou."*

Ek het eenmaal 'n prediker gehoor sê dat daar drie dinge is wat hom sal verbaas as hy in die hemel kom. Die eerste is dat hy mense in die hemel sal mis wat hy daar verwag het. Hy sal verbaas wees om mense daar te sien wat hy nooit verwag het nie. Maar wat hom die meeste sal verbaas is dat hyself daar sal wees. Dan sal hy genoeg rede hê om God te dank vir sy redding omdat dit alles sal wees deur Sy genade.
Gelukkig sê die Bybel in Titus 2:11: *"Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn."* God is nie 'n aannemer van persoon nie en wil almal red. (1 Tim. 2:3,4)
Baie keer is ons geneig om net Rom. 3:23 aan te haal: *"...want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God..."* Ons vergeet soms dat daar ook 'n 24ste vers is, naamlik: *"...en hulle (ons wat gesondig het) word deur Sy genade sonder verdienste geregverdig (dit meen om voor God sonder blaam en skuld te wees) deur die verlossing wat in Christus Jesus is."* Dit is presies wat God se genade vir ons gedoen het – ons kon nie onsself red nie maar het dit alles verniet ontvang.
Die Boodskap maak dit nog duideliker wat God se genade vir ons gedoen het in Rom. 3:23,24: *"Ons almal is sondaars. Nie een van ons leef tot God se eer nie. Ten spyte daarvan het Hy besluit om ons vry te spreek."* Dit is voorwaar genade!

Hoe kan jy en ek ooit God genoeg dankie sê vir Sy genade?
Ons kan wel die genade boodskap aan ander te bring.
*"Do you know why I give grace? Because I need grace."*

## Om oorvloedig te wees

**2 Korinthiërs 9:8** *"En God het mag om alle genade oorvloedig oor julle te laat wees, sodat julle altyd in alle opsigte volop kan hê en oorvloedig kan wees, tot elke goeie werk."*
Die Lewende Bybel: *"God kan julle so oorlaai met Sy goedheid dat julle altyd sal hê wat julle nodig het – en nog baie meer as wat julle nodig het, sodat julle vir ander ook baie kan gee."*

Die twee woorde wat uitstaan in ons teks is "oorvloedig" (wat twee keer voorkom) en die woord "volop" en dit word gekoppel aan "tot elke goeie werk" – in alles.
Hoe graag wil ons ander mense help, maar as ons nie self genoeg het nie is dit nie 'n maklike ding om nog ander ook te kan help nie.
Neem kennis dat die Bybel vol is van die woord "oorvloed" soos wat ons ook lees in Joh. 10:10: *"Die dief (dit is die duiwel) kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat julle lewe en oorvloed kan hê."* Die "New King James" beskryf die woord "abundantly" met woorde soos: *"overflowing, surplus, over and above, more than enough, above the ordinary, more than sufficient."* Dit is wat die woord oorvloedig beteken. God verlang dat ons 'n oorvloedige lewe sal geniet. Moenie net altyd vertrou vir "net genoeg nie" Vertrou die Here vir meer as genoeg, want daar is geskryf in Fil. 4:19: *"En my God sal elke behoefte van julle vervul na Sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus."* Dieselfde God wat vir Israel in die woestyn, vir veertig jaar, kon sorg dat hulle klere nie eers verslyt het nie en dat hulle voete nie geswel het in die warm son nie, kan vir jou oor voorsien. (Deut. 8:4)

Moet nooit ophou om te glo dat God nie sal voorsien nie.
Glo in "oorvloed" – glo in "volop" – glo in "meer as genoeg."
Mag God jou só seën dat jy ander ook kan seën.

# Vas en Gebed

**Matthéüs 6:16** *"En wanneer julle vas, moenie lang gesigte trek soos die geveinsdes nie; want hulle mismaak hul gesigte, sodat dit deur die mense gesien kan word dat hulle vas. Voorwaar Ek sê vir julle, hulle het hul loon weg."*
The Living Bible: *"And now about vasting. When you vast, declining your food for a spiritual purpose, don't do it publicly, as the hypocrites do, who try to look wan and disheveled (meaning: pale, tired and untidy) so people will feel sorry for them. Truly, that is the only reward they will ever get."*

Om te vas – om sonder kos te gaan sodat jy meer tyd kan gebruik in gebed – is iets mooi en edel om te doen. Wanneer ons vas behoort ons te fokus op geestelike sake.
Vas leer ons dissipline en help ons in ons verhouding met die Here. Jy "draai" nie God se arm as jy vas nie, maar vas help jou in jou erns na God, Sy woord en gebed.
Vas moet nie gebruik word soos die Fariseërs wat gespog het dat hulle twee keer 'n week gevas het nie. Hulle het dit meer gedoen om deur die mense gesien te word.
Ek huiwer om 'n volledige lering te gee oor vas omdat daar 'n groot meningsverskil oor hierdie mooi saak is. Maar ek weet dit dat indien jy kos net vir een dag met 'n wilsbesluit los en jou daarop toelê om ernstiger God te soek, is daar 'n geestelike beloning wat vir jou wag.
Al gaan jy sonder voedsel net tot na ses die aand, en jy fokus op gebed, sal jy verseker versterk word. Kry in elk geval vrede in jou hart oor hierdie geseënde saak. Dit moet nooit 'n wettiese ding wees nie, want dan verloor vas sy waarde.

Wanneer jy vas sorg dat jou gesig spreek van blydskap.
Indien jy 'n lang tyd wil vas, kry eers goeie raad hoe jy dit moet doen.
Jy mag vas en bid vir 'n spesefieke versoek wat in jou hart is.

## God is ons skuilplek

**Psalm 57:2** *"Wees my genadig, o God, wees my genadig, want by U het my siel geskuil, en in die skaduwee van U vleuels sal ek skuil totdat die onheil verbygegaan het."*
Die Boodskap: *"God, wees asseblief goed vir my. Wees goed vir my, want ek kruip by U weg. U moet my beskerm totdat die gevaar verby is."*

Dawid het hierdie Psalm geskryf toe hy gevlug het van koning Saul en in ‘n spelonk gaan wegkruip het. Iemand het volgens hierdie teks ‘n treffende lied in Engels geskryf met die woorde: *"In the shadow of Your wings."*
Kom ons lees dié teks ook in The Amplified Bible: *"...Yes, in the shadow of Your wings will I take refuge and be confident until calamities and destructive storms are passed."*
Soos Dawid moet jy "wegkruip" by die Here met dié wete dat wie ookal jou aanraak, raak God se oogappel aan. (Sag. 2:8) Terwyl jy dus by Hom skuil sal jy veilig wees.
Maak soos die dassie. Wanneer hy gewaar ‘n valk wil hom aanval, hardloop hy gou na die naaste skeur in ‘n rots. Daar is hy veilig. Moenie wag tot die gevaar jou oorweldig voordat jy by God wil skuil nie. As jy daarvan bewus word dat jy of jou dierbares bedreig word, neem dadelik jou toevlug na die Here – daar sal jy veilig wees.

Psalm 46:2: *"As ons in ons nood wil vlug, kan ons na God toe vlug. Hy is baie sterk. As ons beskerming soek, sal die Here ons beskerm. As ons in die moeilikheid is, sal Hy ons help."*
(Die Boodskap)

## ‘n Honger na die Woord

**Amos 8:11** *"Kyk, daar kom dae, spreek die Here Here, dat Ek ‘n honger in die land stuur, nie ‘n honger na brood nie en nie ‘n dors na water nie, maar om die woorde van die Here te hoor."*
Die Boodskap: *"Daar is ‘n tyd wat gaan kom, sê die Here, dat daar ‘n hongerte in die land gaan kom. Mense gaan nie honger wees vir iets om te eet of dors vir iets om te drink nie. Hulle gaan honger wees om te hoor wat die Here sê."*

Honger is die beste aptytwekker wat daar is. Niks gee ‘n eetlus soos om honger te wees nie. Aan die anderkant, as jy nie honger is nie, sal die heerlikste kos jou eetlus nie kan opwek nie. Net so is dit met God se woord. Jy kan onder die beste prediking sit, maar as jy nie ‘n honger het in jou hart om te hoor nie, sal jy nie kan ontvang nie.
Ek het gesien dat mense wat ‘n honger het om van die Here te hoor, selfs tevrede sal wees met prediking wat nie altyd van die hoogste gehalte is nie. Maar omdat dit uit God se woord gekom het, was dit vir hulle ‘n seën. Hulle wat nie ‘n honger het na God se woord nie, sal in elk geval die beste prediking kritiseer.
Hoe honger is jy na God se woord? As jy ten minste drie keer ‘n dag ‘n honger het na voedsel vir jou liggaam, hoe dikwels voed jy jou gees deur jou Bybel te lees?
Dawid sê in: Ps. 119:11: *"Ek het U woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie."* Ps. 119:105: *"U woord is ‘n lamp vir my voet en ‘n lig vir my pad."*
God se woord is vir jou ‘n swaard, wat jy kan gebruik as jy aangeval word. (Ef. 6:17) Ons lees in Heb. 4:12: *"Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard..."* Elke keer as jy God se woord gebruik teen enige aanval van die duiwel, sal jy oorwin soos wat Jesus oorwin het tydens Sy versoeking in die woestyn. (Matt. 4:1-11)

Wees eerlik met jouself en meet jou honger na God se woord.
Vra dan die Here vir ‘n groter honger in jou hart.
Mag ons Sy woord eet meer as die beste voedsel wat daar is!

# Hou vas wat jy het

**Openbaring 3:11** *"Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon sal neem nie."*

Die Lewende Bybel: *"Onthou, Ek kom binnekort! Hou vas wat julle het sodat julle nie die kroon dalk verloor wat julle beloning sal wees nie."*

In die Ou Testament het daar 'n tragiese verhaal homself afgespeel van 'n koning wat beroof was van sy kroon. Ons lees daarvan in 2 Sam. 1:1-16. Dit is waar koning Saul gesterf het in 'n oorlog. 'n Jong Amalekiet het op sy lyk afgekom en sy kroon geneem. Hy bring dit toe na Dawid asof hy Saul om die lewe gebring het. In vers 10 sê hy vir Dawid: *"...en ek het die kroon wat op sy hoof was...geneem en dit hier na my heer gebring."* Hy het dit vir Dawid gesê met die hoop dat hy vereer sou word vir wat hy gedoen het. Die teendeel was dat Dawid hom om die lewe laat bring het.

Koning Saul was verneder deur 'n heidense Amalekiet wat hom beroof het van sy kroon. Ons moet nie toelaat dat die siele-vyand ons beroof van ons kroon nie.

Die Nuwe Testament praat ook van krone. In Jak. 1:12 lees ons: *"Salig is die man wat versoeking verdra, want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Here beloof het aan die wat Hom liefhet."* En in 2 Tim. 4:8 praat Paulus van *"die kroon van geregtigheid"* wat God vir ons gee. Dit is wanneer God ons beloon om voor Hom te staan sonder blaam – ja, asof ons nog nooit gesondig het nie!

Maar ons moet volgens die reëls deelneem as ons bekroon wil word. Dit word duidelik uitgespel in 2 Tim. 2:5: *"En verder, as iemand aan 'n wedstryd deelneem, word hy nie bekroon as hy nie volgens die reëls gewedywer het nie."*

Die lewe is soos 'n resies – neem deel volgens God se reëls.
Ons is nie gemaak om te verloor nie, maar om te wen.
Niks en niemand moet jou beroof van jou beloning nie.

# Beurtkrag en Rom. 8:28?

**Romeine 8:28** *"En ons weet (of behoort te weet) dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk..."*
Die Lewende Bybel: *"Ons weet dat God alles wat gebeur, laat saamwerk tot ons voordeel as ons Hom liefhet..."*

Hoe kan ons "Beurtkrag" (ons elektriese krag wat noual op 'n daaglikse wyse in ons land afgeskakel word) in verband bring met "Romeine 8:28" – en mag ons dit doen?
Ons kan baie leer uit hierdie onaangename beurtkrag, terwyl ons bid dat die Here vir ons 'n oplossing hiervoor sal gee.
Kom ons kyk positief na beurtkrag sodat ons kan sien dat dit ten goede kan meewerk.

- ✓ As beurtkrag in die aand is, help dit ons om vroeër in die bed te kom.
- ✓ Dit help ons om nie van kanaal na kanaal op TV te soek en ons tyd te mors nie.
- ✓ Ons spaar, baie meer as wat ons kan dink, op ons ligte rekening.
- ✓ Man en vrou kan, met die hulp van 'n kers of lamp, rustig leeswerk inhaal.
- ✓ As gesin kry ons tyd om oor dinge te praat wat ons, weens ons vol programme, nie altyd deur die dag kon doen nie.
- ✓ Die kinders hoef nie net "playstations" te speel nie, want hulle kan nie.
- ✓ Selfs die jongmense kan meer slaap inkry en vroeër wakker word sodat hulle die nuwe dag met 'n varsheid kan begin.
- ✓ Beurtkrag leer ons om te werk aan ons dissipline – dat ons in tyd, baie kragproppe moet afskakel, soos die rekenaar.

Ons kan besluit om te kla of te werk aan ons gesindheid.
Elkeen van ons kan dit makliker vir onsself maak – as ons wil.
Ons keuse wat ons moet maak is: Word 'n deel van die probleem óf van die oplossing.

**Die geloof in Sy Naam**

**Handelinge 3:16** *"En deur die geloof in Sy Naam het Sy Naam hierdie man, wat julle sien en ken, sterk gemaak, en die geloof wat deur Hom is, het hom hierdie volkome gesondheid gegee in die teenwoordigheid van julle almal."*

In hierdie gedeelte vind ons die verhaal van die man wat kreupel gebore was en waar hy voor die tempelpoort gesit en bedel het. Hy wou geld bedel by Petrus en Johannes wat oppad was om te aanbid. Petrus het hom by sy hand gegryp en vir hom gesê dat hy nie geld vir hom kon gee nie, maar uitgeroep: *"In die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, staan op en loop! Toe gryp hy hom aan sy regterhand en rig hom op, en onmiddellik het sy voete en enkels sterk geword."* (Hand. 3:6,7)
As gevolg hiervan wou mense Petrus en Johannes aanbid het, maar Petrus verduidelik dat hierdie man se genesing gekom het in die magtige Naam van Jesus Christus.
Indien die Naam van Jesus 'n kreupelman gesond kon maak, kan Sy Naam ook vandag genesing bring vir elkeen wat glo in die Naam van Jesus. Ook vir jou en jou geliefde. Onthou ook wat Jesus beloof het in Joh. 14:13: *"En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word."*
Dank God, daar is geen groter naam as dié van Jesus Christus nie. Fil. 2:9: *"Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is..."* (Lees ook: Hand. 4:12)

Die geloof in Sy Naam sal ook vir jou 'n deurbraak gee.
Sy Naam sal die volgende deure vir jou oopsluit:
Genesing – Finansies – Sy heerlikheid!

## Wees dankbaar

**2 Thessalonicense 5:18** *"Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle."*

Die Boodskap: *"Wees altyd dankbaar teenoor God, wat ook al met julle gebeur. Dan stap julle op die pad wat God vir julle beplan het toe julle in Christus Jesus begin glo het."*

Nadat ek deur drie moeilike maande gekom het – wat twee operasies insluit – was die groot les wat ek geleer het "dankbaarheid" vir selfs die geringste. Ai, hoe kan ons as mens dinge vanselfsprekend aanneem. Ek moet maar net veilig en rustig gaan slaap sodat ek weer kan opstaan om aan te gaan met my lewe. Die mense om jou neem jy as vanselfsprekend aan. Jou vrou, jou man en jou gesin asook medegelowiges in die kerk en jou vriende. Maar dan ewe-skielik tref dinge jou wat jy nooit kon verwag nie!

Die skielike nood neus-operasie wat my getref het omdat my neus vir drie dae nie wou ophou bloei nie – dit was soos 'n kraan wat jy oopgedraai het. Na die operasie kon ek vir twee weke nie behoorlik praat, loop en eet nie. Die een spesialis het gesê: *Toe ek na jou kyk het jy vir my soos 'n 'zombie' gelyk."* Na drie weke het my gesin my huistoe geneem en moes ek met 'n rolstoel na die motor geneem word. Toe moes ek hoor daar kom nog 'n operasie – waaroor ek nie in detail wil uitbrei nie. Prys die Here, ek is daardeur en is nou besig om te herstel. Ek loof God vir Sy goedheid en dat Hy my dag vir dag gedra het. Tans ervaar ek 'n groter dank teenoor my God, my vrou, my kinders, kleinkinders en my medemens.

Ek sê dankie aan almal wat vir my gebid het – hulle wat my besoek het, gebel het, boodskappe gestuur het. Waarlik ons land is vol mense wat waardeer moet word.

Besluit om meer dankbaar te wees dat jy God se kind is.
Streef om dankbaar te wees vir alles, op 'n daaglikse wyse.
Leer om dank te bewoord – sê dit vir elkeen wat dit moet hoor.

**Vergeet die negatiewe verlede**

**Filippense 3:14** *"Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is..."*

Die Lewende Bybel: *"...Maar die een ding wat ek wel doen, is om nie weer om te kyk na die dinge wat ek agtergelaat het nie..."*

Paulus het ook 'n negatiewe verlede gehad, veral as hy daaraan moes dink hoe hy die eerste gelowiges vervolg het en in tronke gestop het. Om te dink Paulus het die klere opgepas van die manne wat Stefanus met klippe gestenig het. (Hand. 7:58,59) Dit was negatiewe dinge wat Paulus moes vergeet en agter sy rug geplaas het sodat hy kon aangaan met sy nuwe lewe in Christus.

Nog 'n treffende voorbeeld is Hiskia (2 Kon. 20:1-6) wat tot die dood toe siek geword het en verneem het hy sal sterwe. Hy het sy rug gedraai op sy probleem en tot God geroep om genade. Sy gebed is gehoor en hy ontvang nog vyftien jaar om te leef. Draai vandag jou rug op jou probleem en op jou negatiewe verlede en roep God aan!

As jy oorwinning begeer moet jy jou rug draai op die opinies van mense. Jy moet altyd onthou dat daar 'n verskil is tussen werklikheid en waarheid. Die werklikheid mag wees dat jy baie siek is, maar die waarheid is dat deur Jesus se wonde is jy gesond.

Die rede waarom jou motor se vooruit groter is as jou tru-spieël is dat dit belangriker is dat jy kan sien waarheen jy op pad is as wat agter jou is.

Jy moet 'n besluit neem om die verkeerde verlede te vergeet.
Dit is al hoe jy sal kan uitstrek na dit wat voor jou is.
Dit begin by 'n besluit, maar moet nie bly by 'n besluit nie – doen dit!

## Gebind deur die Gees

**Handelinge 20:22** *"En kyk, ek gaan nou gebind deur die Gees na Jerusalem; en watter dinge my daar sal oorkom, weet ek nie..."*

The Amplified Bible: *"And now, you see, I am going to Jerusalem, bound by the Holy Spirit, and obligated and compelled by the [convictions of my own] spirit, not knowing what will befall me there..."*

So praat Paulus omdat hy oorheers was deur die Heilige Gees om God se wil te doen. Nie eers die vervolging wat gewag het kon hom keer om nie na Jerusalem te gaan nie.
Dit is treffend dat die Gees van God jou soms kan dwing (dryf) om na plekke te gaan en ook dinge te doen wat jy nie normaal sou doen nie. Ons dink aan Jesus en hoe die Heilige Gees in Sy lewe gewerk het. In Markus 1:12 lees ons: *"En dadelik het die Gees Hom uitgedryf in die woestyn."* Kyk weer na die woord "uitgedryf"
Miskien voel jy dat jy in 'n geestelike "woestyn" is? Liewer in die "woestyn" met God, as in 'n "paradys" sonder dat jy bewus is dat die Here met jou is.
Selfs Johannes op die eiland van Patmos kon getuig: *"Ek was in die Gees op die dag van die Here..."* (Open. 1:10) Johannes was op hierdie stadium reeds 93 jaar oud; hy was koud en honger; hy was verban en alleen op 'n eiland as 'n gevangene. Maar ten spyte hiervan was hy nog in die Gees!
As jy gebind is deur die Gees, meen dit dat jy beheer word deur een sterker as jy. Die hele doel waarom God se Gees ons wil "vasmaak" is dat ons Sy opdragte sal uitvoer.

Gee jou opnuut oor aan Sy Gees om te maak soos Hy wil. Moenie krampagtig vashou aan dinge nie – want dan kan jy dit verloor. (Matt. 16:25)
Die liedjie sê: *"Let go and let God have His wonderful way."*

## Dank God vir die Bybel

**2 Tim. 3:16,17 (**Die Lewende Bybel) *"Die hele Skrif kom van God af en dit help ons om te weet wat die waarheid is en wys ons hoe om 'n verkeerde leer teë te gaan. Die Skrif wys ons ook as daar iets in ons lewe verkeerd is en leer ons om so te lewe soos God wil hê."*

"God het nie 'n pen gevat en die Bybel self geskryf nie. Hy het elke woord geïnspireer deur die meer as 40 skrywers van die verskillende boeke oor 'n tydperk van 1600 jaar. In die Bybel ontdek ons die waarheid oor *wie* God is, *wat* Hy doen en *hoe* om Hom persoonlik te ken." (Oorgeneem uit Die 24/7 Bybel) Die Bybel (God se woord) is nie 'n gewone boek nie. Geen wonder dat die Engelse vertaling van die "The Amplified Bible" ons teks vertaal met woorde soos: *"Every Scripture is God-breathed (given by His inspiration)..."* Net soos wat God lewe in die eerste mense geblaas het toe Hy hulle gemaak het, net so het Hy lewe geblaas in Sy woord. Daarom sal jy vind dat daar "Gees" in die Bybel is – die Bybel sal met jou praat.

Glo in alles wat jy in die Bybel lees omdat dit van God kom. Moenie deel wees van enige besprekings waar die waarheid van jou Bybel in twyfel getrek word nie.
Dit is deur God se woord wat ek Jesus aangeneem het as my Saligmaker en sodoende Sy kind geword het. (Joh. 1:12) Ek glo dat die Bybel waar is en dat Jesus se bloed my reinig van al my sondes, omdat ek Hom gevra het om my sondes te vergewe, het ek vergifnis ontvang. (1 Joh. 1:7,9) Ps. 119:105 is waar: *"U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad."*

Die beste manier om Bybelstudie te doen is – lees die Bybel. Wanneer jy jou Bybel lees – lees dit totdat dit met jou praat. Dit gaan nie oor die lengte wat jy lees nie – maar lees met aandag.

# God se leiding

**Psalm 43:3** *"Stuur U lig en U waarheid; laat dié my lei; laat dié my bring na U heilige berg en na U woninge."*

Deur die jare het ek geleer dat daar drie uitstaande beginsels was wat my gehelp het om seker te maak dat ek die leiding van die Here reg verstaan het.
Die heel eerste was om 'n woord van die Here te ontvang. Dit kon plaasvind terwyl ek die Bybel gelees het en 'n spesifikieke teks my aangespreek het. Daar was ook tye dat ek nie soseer 'n teks gekry nie, maar net besef het die Heilige Gees gee my 'n woord in my hart waarop ek moet reageer. Ten tweede het ek die omstandighede om my fyn dop gehou. God gebruik verseker omstandighede om aan ons leiding te gee – ons moet net fyn ingestel wees om dit reg te kan lees. Ten derde het ek die vrede van God gesoek voordat ek enige besluit kon neem.

Wat ook vir my duidelik geword het was dat wanneer jy leiding soek moet jy nie passief wees en stilstaan op een plek nie. Onthou, dit is moeiliker om 'n motor se wiele te draai wanneer dit stilstaan as wanneer die motor in beweging is.
Bob Mumford, die skrywer van een van die beste boeke oor God se leiding, naamlik: "Take another look at guidance" vertel hoe hy en sy vrou leiding gekry het waar hulle moes aanbid. Hulle het nie by hul huis net daaroor gebid nie. Nadat hulle drie kerke besoek het, het die vrede van die Here oor hulle gekom by die derde kerk. Nie dat die eerste twee verkeerd was nie, maar daar het hulle nie God se vrede ervaar nie. As jy God se leiding soek, moenie op een plek stilstaan nie, maar kom in beweging – dan sal jy sien dat jy jou "geestelike wiele" makliker kan draai.

Fil. 4:7: *"En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal (moet) julle harte en julle sinne (gedagtes) bewaar in Christus Jesus."*

Moet asb. nooit 'n besluit neem as jy nie God se vrede het nie.

## Geloof werk deur liefde

**Galasiërs 5:6** *"Want in Chistus Jesus het nóg die besnydenis nóg die onbesnedenheid enige krag, maar die geloof wat deur die liefde werk."*

Die Lewende Bybel vertaal ons teks soos volg: *"...As ons so op Hom vertrou, sal ons ook vir Hom werk omdat ons Hom liefhet."* En dan voeg Paulus die volgende by in 1 Kor. 13:2: *"...en al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie."* Wat jy ookal doen, doen dit deur liefde. Paulus het ook verklaar dat die liefde van Christus hom dwing in wat hy moet doen. Laat die dryfveer in jou ook liefde wees anders sal dit waardeloos wees wat jy ook mag doen en wat jy ook mag glo. Ek herhaal: Wat jy ookal doen, doen dit met geloof in jou hart maar omdat daar liefde in jou hart is.

Getuig omdat jy dit doen deur liefde. Gee aan die behoeftige omdat jy liefhet. Watter bediening jy ookal mag uitleef, doen dit deur die liefde. Dit sluit ook in: Om siekes te besoek; om deel te wees van die aanbiddingspan; om deel te wees van die die gemeente se media; of in die kinderbediening en selfs die administrasie van jou gemeente.

Ek wil jou nie vra om my te wys hoe groot jou geloof is nie, maar ek vra jou hoe baie liefde is daar in jou hart? Sonder geloof kan ons God nie tevrede stel nie. (Heb. 11:6)

Geloof en liefde moet wees soos 'n identiese tweeling. Hulle werk saam.

Bid dat die Here jou geloof sal versterk vir nog groter dinge.
Bid ook dat Hy meer liefde in jou hart sal gee – want geloof werk deur liefde.
Mag jou geloof en liefde 'n baie sterk dryfkrag in jou word.

## Luister na Sy stem

**Johannes 10:27** *"My skape luister na My stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My."*

Dit is vir ons belangrik, as Sy kind, om te leer hoe ons kan luister na die Here se stem. As ons na Sy stem luister sal ons bewaar wees van onheil. (Lees weer Psalm 91)
In die tydskrif "Victory" (April 2015) van Kenneth Copeland het ek 'n veelseggende artikel gelees rakende die "World Trade Center" in New York t.o.v. die 11de Sept. 2001. Kenneth Copeland gee hierdie getuienis: *"Gloria and I have a close personal friend who pastors a great church on Wall Street, New York. Many of his congregation worked in the World Trade Center. In the weeks prior to 9/11, he'd been teaching on the protective power of the blood of Jesus and on listening to the voice of God. He wasn't teaching on those subjects because God had told him about the terrorist attack. He was just following God's plan, doing what Jesus said to do and so were the people in his church. As a result, not a single one was injured. One of his members was about to walk through the doors of the World Trade Center that morning and he heard God say, 'Run'! So, he just took off, ran around the corner and down into the subway. Another was on his way to work there when he decided to take his daughter out to eat instead of dropping her off at school. 'She and I don't get to spend much quality time together, he thought'. So, although he was rarely late for work, he was late that particular morning because he spent some time with his daughter. This is the way we, as believers, are supposed to be living! We're supposed to be listening to Jesus and doing whatever He says to do. That's the key to being protected, directed and prospered all the time."*

Kom ons vra die Here dat ons fyn sal luister na Sy stem.
My Apteker sê altyd vir my: *"Luister na jou liggaam."*
Ek wil die volgende byvoeg: *"Luister na die stem in jou hart."*

## **"Kom prys Hom!"**

**Psalm 33:1** *"Julle wat reg voor die Here leef, kom prys Hom! Julle wat Hom liefhet, moet lofliedere vir Hom kom sing."* (Die Boodskap)

Die Lewende Bybel: *"Juig oor wat die Here gedoen het, julle wat aan Hom gehoorsaam is. 'n Mens wat opreg is teenoor die Here, behoort Hom altyd te prys."*

Die ou gesegde is waar: *"Daar is baie mense wat kla terwyl hulle 'n brood onder hul arm het."* Jy en ek moet nooit een van hulle wees nie! Want wanneer ons dink aan God se liefde en Sy goedheid het ons rede om Hom te loof en te prys.
Indien ons nie God wil loof en prys nie, sal die klippe uitroep! Wel, dit is wat Jesus eendag gesê het in Lukas 19:37-40. Ek het al jare gelede besluit dat waar ek is sal ek nooit die klippe toelaat om God te prys nie! Om 'n lewe van lofprysing te leef is 'n besluit wat ons neem.
In hierdie gejaagde lewe moet ons onsself dwing om stil te raak en te dink aan alles wat die Here vir ons gedoen het. Paulus het mos eendag 'n "geestelike skaal" geneem en die swaarkry van die lewe aan die eenkant van sy skaal gesit asook die seëninge aan die anderkant. (Rom. 8:18 – selfs dit wat nog vir ons wag) Paulus het toe besef dat die "blessings" baie meer weeg as enige swaarkry!
Lofprysing het Paulus en Silas verlos uit die tronk in Filippi. (Hand. 16:25,26) Lofprysing het die mure van Jerigo laat val. (Josua 6:20,21) Lofprysing sal aan jou oorwinnings gee.
Plaas 'n lofprysing in jou hart en in jou mond. Besluit om nie meer te praat oor daardie probleem wat so swaar op jou skouers rus nie. Begin om lof aan die Here te bring.

Begin met Psalm 103:1,2: *"Loof die Here, o my siel, en alles wat binne-in my is, Sy heilige Naam! Loof die Here, o my siel, en vergeet geeneen van Sy weldade nie."*
Begin hiermee dan voeg jy by wat in jou hart is – loof Hom!

# Ons bevind ons op 'n pad

**Jesaja 43:19** *"Kyk, Ek gaan iets nuuts maak; nou sal dit uitspruit; sal julle dit nie merk nie? Ja, Ek maak 'n pad in die woestyn, riviere in die wildernis."*

God kan voorwaar 'n pad maak, al was daar voorheen geen pad nie. Hy het selfs 'n pad gemaak vir Israel deur die Rooi see, sodat hulle nie vasgeval het voor die Egiptiese soldate nie. God kan vir jou ook 'n pad maak – vertrou Hom daarvoor.
Soms is God se pad 'n onseker pad. In Heb. 11:8 lees ons: *"Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom."*
Miskien bevind jy jouself op 'n moedelose pad? Elia het homself op so'n pad bevind toe hy onder die besembos gesit het. Nadat hy groot oorwinnings op Karmel beleef het en waar hy vuur neergebid het, is hy nou op 'n moedelose pad en wens om dood te gaan. Ons lees daarvan in 1 Kon. 19:1-4. Soos wat die engel vir Elia gesê het om op te staan en te eet wat vir hom voorgesit was. God wil dat jy in jou gees opstaan en eet van die voedsel wat Hy vir jou wil gee deur Sy kosbare woord.
Het die pad vir jou te lank geword? Jy sien geen oorwinning in sig nie? Lees weer met aandag Joh. 16:33 en 2 Tim. 3:12. Moet nie moed opgee en omdraai of alles wil los nie. Vir ander het die pad te nou geword. Moenie onder 'n verkeerde indruk wees nie, God se pad is 'n nou pad! Lees Lukas 13:23,24.
Moenie vir mekaar kwaad word op die pad nie. Gen. 45:24: *"Daarop het hy (Josef) sy broers weggestuur, en hulle het vertrek; en hy het aan hulle gesê: Moenie vir mekaar kwaad word op die pad nie."*

Ek weet nie op watter pad bevind jy vandag jouself nie?
Maak seker dat God met jou is om jou pad gelyk te maak.
Skep moed en vertrou die Here om iets nuuts vir jou te doen!

# Die krag van gebed

**Handelinge 4:29-31** *"En nou, Here, let op hulle dreigemente en gee aan U diensknegte om met alle vrymoedigheid U woord te spreek, deurdat U u hand uitstrek tot genesing, en tekens en wonders deur die Naam van U heilige Kind Jesus plaasvind. En toe hulle gebid het, is die plek geskud waar hulle saam was..."*

Hierdie was 'n gebed wat die dissipels gebid het nadat 'n kreupelman genees was en die Joodse Raad Petrus en Johannes belet het om verder te leer in die Naam van Jesus. Ons teks sê dat die plek waar hulle gebid het geskud het! Dit is wat gebed kan doen – en as Suid Afrika ooit 'n "skudding" nodig gehad het, is dit vandag!

Die Bybel is vol voorbeelde om ons te wys wat gebed al gedoen het. Die Rooi see was verdeel deur gebed. Die son het 'n dag langer geskyn toe Israel dit nodig gehad het om 'n geveg te wen. Die bekke van leeus was gesluit toe Daniël in die leeukuil beland het. Vuur is kragteloos gestel sodat Daniël se drie vriende nie in 'n vurige oond doodgebrand het nie. Hiskia, wat besig was om te sterf, het nog 15 jaar ontvang om te leef omdat hy gebid het. Die hemel het vir drie-en-'n-half-jaar nie reën gegee nie, toe Elia gebid het. Hy het ook vuur uit die hemel gebid op Karmel. Deur gebed van die gemeente is Petrus verlos uit die tronk, terwyl hy streng bewaak was.

Gebed bring ook volkome blydskap. Joh. 16:24: *"Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees."* Bly bid totdat jy volkome blydskap ontvang.

Gebed bring oorwinning oor sorge. Fil. 4:6: *"Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God."*

Miskien het jy alles al probeer – hoekom probeer jy nie om meer te bid nie?
God sal na jou luister en Sy arm is nie te kort om te help nie.
Mag die Here 'n geestelike skudding gee omdat ons bid!

## Ons moet leer om te bid

**Lukas 11:1** *"En toe Hy (Jesus) op 'n sekere plek besig was om te bid, sê een van Sy dissipels vir Hom nadat Hy opgehou het: Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy dissipels geleer het."*

Alle Christene is nie predikers, sangers of welsprekende mense nie, maar elkeen van ons kan leer om te bid. Baie vind dit moeilik om in die openbaar te bid omdat hulle nie daarin geoefen is nie. My eerste keer wat ek moes bid voor mense was op Kromhoek, diep in die bosveld, by 'n huiskerk. Ek kon nie hieruit loskom nie want hulle het op een kant begin bid en toe dit by my kom moes ek bid. Dié dag het ek 'n persoonlike oorwinning behaal om voor ander te kon bid.
Moet nooit dink jy het nie tyd om te bid nie. Susannah Wesley, John wesley se moeder, het 19 kinders gehad – maar sy het elke dag 'n volle uur gebid.
Ons moet leer om "in die Heilige Gees te kan bid" soos wat ons lees in Judas vers 20. Dit is wanneer jy so bid dat God se Gees jou help om te bid. (Rom. 8:26) Dan sal jy selfs luister na hoe jy bid en besef dit is nie woorde wat jyself uitdink nie – dit is woorde wat hier diep uit jou gees kom.
Ons lees in Jak. 4:3 *"As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig."* Die Boodskap vertaal hierdie teks soos volg: *"...Ja, ons bid tog, maar God gee nie vir ons wat ons vra nie. Daar is 'n goeie rede voor: julle motiewe is verkeerd. Julle vra die goed van God sodat julle dit soos stout kinders net vir julleself kan hê. Dit gaan net om julleself en om niemand anders nie."*
Ek dink aan die vrou wat haar predikant gevra het om vir haar man se redding te bid sodat hy haar met sy motor kerktoe sou neem. Het dit nie net om haarself gegaan nie?

Ek het myself geleer bid deur 'n Psalm te gebruik as my gebed.
Onthou: God is nie so vêr weg dat Hy jou nie hoor nie.
Leer om te bid met opregtheid en met eerlike motiewe.

# Wanneer ons bid

**Lukas 18:1** *"En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie."*

Die vraag is: "Hoe moet ons bid?" Ek dink die woord "gedurig" antwoord sekerlik ons vraag. Dit meen om aan te hou bid totdat jy die versekering het dat jou gebed beantwoord sal word. In die verhaal wat Jesus vertel het in Lukas 11:5-10 is dit duidelik dat ons nie moet moed opgee nie, maar aanhou totdat ons antwoord kry. In 1 Thes. 5:17 lees ons ook: *"Bid sonder ophou."* Kan ons dan aflei dat hy wat moedeloos word iemand is wat nie gedurig bid nie?

Natuurlik moet ons in die geloof bid soos wat ons lees in Markus 11:24: *"Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry."* Jy sien, sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag (om Hom tevrede te stel). (Heb. 11:6) Jakobus, Jesus se broer, voeg hierby: Jak. 1:6,7: *"(Iemand wat bid) moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie."*

Wanneer jy oor iets spesifiek bid – maak seker dat jy volgens God se wil bid. Ons lees in 1 Joh. 5:14: *"En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens Sy wil."* Dan lees ons in 1 Joh. 3:21: *"Geliefdes, as ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God; en wat ons ookal al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons Sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom."*

Verlustig jouself in die Here wanneer jy bid. (Psalm 37:4)
Mag jy besondere oorwinnings beleef omdat jy gebid het.
Jou hemelse Vader is waarlik die hoorder van gebed.

**Waarom vergewe ons?**

**Kolossense 3:13** *"Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander 'n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen."*

Die Lewende Bybel: *"Al sou een van julle rede hê om te kla oor wat 'n ander een aan hom gedoen het, moet julle mekaar verdra en mekaar vergewe. Onthou hoe Christus julle vergewe het, en dan vergewe julle mekaar ook so."*

Die afgelope week het ek 'n verbitterde 80 jarige man ontmoet. Natuurlik het ek hom jammer gekry toe ek hoor dat hy sy vrou na 'n huwelik van 50 jaar verloor het.
Maar wat my getref het was toe hy vertel dat sy een familielid sy seun doodgeskiet het en dat 'n ander familielid hom beledig en skel elke keer as hulle bymekaar uitkom. Iemand in ons geselskap het my verseker dat hierdie man eintlik 'n goeie persoon is. My hart het gebreek vir hom, maar my boodskap aan hom was dat as hyself vry wil wees sal hy moet kan vegewe. Jesus het gesê in Luk. 6:37 *"Spreek vry, en julle sal vrygespreek word."* M.a.w. as jy nie vryspreek nie sal jy nie vrygespreek word nie.
Onthou dat ons nie iemand vergewe omdat hulle dit verdien nie (want eintlik verdien niemand vergifnis nie) maar ons vergewe en spreek vry omdat ons vry wil wees. Ons het die sleutel in ons hand om ons geestelike seldeur oop te sluit – en dié sleutel se naam is vergifnis!
Ja, dit is nie maklik om iemand vry te spreek as jy oortuig is dat jy nie skuldig is nie. My boodskap is vergewe want dit is al hoe ons 'n vry-mens sal word.

Die boodskap van vergifnis het nog altyd mense bevry.
Hoe gouer ons vergewe hoe gouer word onsself bevry.
Indien daar iemand is wat jy moet vergewe – doen dit asb.!!

## ‘n Aanraking van Jesus

**Markus 1:40,41** *"En daar kom ‘n melaatse na Hom toe wat Hom smeek en voor Hom op die knieë val en vir Hom sê: As U wil, kan U my reinig. En Jesus het vir hom innig jammer gevoel en die hand uitgesteek en hom aangeraak en vir hom gesê: Ek wil, word gereinig!"*

Jesus het mense op aarde aangeraak om hulle gesond te kry. Vandag wil Hy deur ons mense aanraak om hulle te versterk. Toe Jesus die melaatse aangeraak het, het die melaatsheid van hierdie man nie op Hom gekom nie. Wat wel gebeur het is dit wat in Jesus was het op die melaatse gekom. Die lewe in Jesus het die siekte wat in dié man was vernietig en hom genees. Onthou altyd dat Hy wat in ons is baie groter is as hy wat in die wêreld is. (1 Joh. 4:4) Wees dan ‘n verlengde hand van Jesus en beinvloed ander met die lewe wat in jou is.
Tommy Osborn was een van die grootste evangeliste ooit. Hy vertel dat terwyl hy ‘n veldtog gehou het in Kenia het daar ‘n Masai man na hom gekom wat vir 17 jaar uit die asblikke geleef het. Hy was ook beheer deur demone. Tommy vertel dat hy hierdie man gegryp het en hom vas teen hom gedruk het, terwyl hy vir hom sê: "Jesus het jou lief" Met hierdie opregte aanraking van God se liefde, het die demone gevlug, en was die man totaal bevry!
Toe ek jonk was het ons ‘n liedjie in die kerk gesing: *"Oh to be His hand extended. Reaching out to the oppressed. Let me touch Him – let me touch Jesus. So that others may know and be blessed."* Dit is nie moeilik nie – wees Sy uitgebreide hand na hulle wat ‘n aanraking nodig het.

Besluit om iemand geestelik aan te raak met ‘n mooi woord.
Gee iemand ‘n drukkie met die liefde wat in jou is.
Wees beskikbaar dat die Here deur jou sal werk – "be His hand extended"!

## Bid, soek, klop om te ontvang

**Matthéüs 7:8** *"Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word."*
Die Boodskap: *"Want elkeen wat vra, ontvang; elkeen wat soek, kry, en elkeen wat klop, tref uiteindelik 'n oop hemelse deur."*

Neem kennis: Daar wag '*uiteindelik 'n oop hemelse deur'* vir jou – maar dan moet jy bid, soek en klop om te ontvang!
Markus 11:24 lees so: *"Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees."*
In die Bybel lees ons van die Kananése vrou en waarom sy ontvang het. (Matt. 15:21-28) Sy het ontvang omdat sy haar probleem by die naam genoem het. (vers 22) Sy het nie gesê dat haar dogter net 'n bietjie senuweeagtig was nie, maar erken dat haar dogter deur die bose beheer word. Indien ons te trots is om ons probleem by die naam te noem kan dit ons verhinder om te ontvang. Want waarheid maak ons waarlik vry. Indien jy humeurig is moenie dit verdedig om voor te gee dat jy maar net oormoeg is nie. As dit verkeerde drange is, wees eerlik en vertel dit vir die Here.
Die Kananese vrou het ontvang omdat sy vasberade was. Nie eers die houding van Jesus se dissipels het haar afgesit nie. (verse 26,27) As jy wil ontvang, wees vasberade en aanvaar niks as 'n doodloopstraat nie. Selfs in siekte moet ons weet dat terwyl ons waardeer wat geneeshere doen, het God die laaste sê oor ons lewe.
Hierdie vrou het ontvang omdat sy haarself verneder het om soos die hondjies tevrede te wees met die krummels wat van die tafels van hul base afval. Een van ons grootste probleme waarom ons nie ontvang nie is die "ek" in ons. (Gal. 2:20)

Weet dat dit 'n 'ope hand' is wat kan ontvang.
Indien jy geseën is om te ontvang – leer om te gee.
Want dit is mos beter om te gee as om te ontvang!

# Om lief te hê

**1 Johannes 4:7,8** *"Liewe vriende, laat ons mekaar liefhê; want die egte liefde is iets wat van God af kom. As iemand hierdie liefde het, is hy 'n kind van God wat vir God ken. Maar iemand wat nie hierdie liefde het nie, ken God nie, want God is liefde."* (Die Lewende Bybel)

Hierdie is woorde met baie gewig! Ons kan so maklik praat van liefde en soms ook sê dat ons iemand liefhet. Maar ons moet altyd onthou dat ware liefde uit God kom.

Ek is geneig om te sê dat God nie net lig het nie, maar dat Hy lig is. Net so is dit dat God nie net liefde het nie, maar Hy is liefde. Want jy sien, as jy net iets het kan jy dit verloor, maar as jy iets is kan jy dit nie verloor nie. Dit maak God uniek en wonderlik.

Iemand het gesê: *"Jy kan gee sonder om lief te hê, maar jy kan nie liefde besit sonder om te gee nie."* Toets gerus die liefde wat jy het met hierdie stelling.

In Gal. 5:22 is blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing – gekoppel aan liefde. Bv. Jy kan nie getrou wees as jy nie liefde het nie. Jy kan ook nie sagmoedig wees as jy nie liefde het nie.

1 Kor. 13:4-7 (Die Lewende Bybel) som op wat dit beteken om lief te hê: *"Om lief te hê, beteken om geduldig en vriendelik te wees. Dit beteken ook om goeie dinge vir ander mense te gun...'n Mens wat ander liefhet, is nie onmanierlik nie en dink nie net aan homself nie. Hy word nie gou kwaad nie en hou nie boek van die onreg wat ander mense teen hom doen nie...As 'n mens iemand liefhet, kan jy stilbly oor sy foute..."*

Ons kom baie kort wanneer dit kom by "om lief te hê"
1 Kor. 13:13 *"En nou bly geloof, hoop, liefde – hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde."*

# God het 'n plan met jou

**Jeremia 29:11** *"Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!"*

Het jy gehoor? God wil aan jou 'n verwagting gee – 'n droom vir die toekoms! En as ons praat van 'n droom dan praat ons van 'n visie in jou hart. God het 'n duidelike plan met jou lewe. Vind uit wat dit is en maak dit jou visie, wat jou passie is.
God het jou nie geskep en toe gewonder wat om met jou te maak nie. Dit is nie hoe God werk nie. Jy is gebore op die regte tyd, met 'n duidelike doel. Pred. 3:1: *"Alles het sy bepaalde uur, en vir elke saak onder die hemel is daar 'n tyd."* Die Boodskap vertaal die teks met: *"Alles gebeur op 'n bepaalde tyd. Alles in die lewe is vooraf bepaal."*
Hoe bou 'n mens 'n huis? Dit begin by 'n idee wat in jou gedagte kom. Net jy kan dit eintlik sien. Om die fondasie te grawe is net die begin om uiteindelik jou huis te bou. Wanneer jy jou doel in die lewe kan sien, dit is dan dat jou visie lewe kry in jou hart.
Ons het nie die detail van ons lewensdoel nie. Ons kan heelwat planne maak, maar dit is God wat 'n duidelike plan met ons lewe het. Ons lees in Spreuke 19:21 *"Baie planne is in 'n man se hart, maar die raad van die Here, dié sal bestaan."* Die Boodskap vertaal dit: *"Wat die Here egter beplan, dit gebeur."*
Die visie (die droom) van jou lewe is so naby aan jou as jou diepste begeertes. Luister dus na jou hart, want 95% van God se will is bokant jou skouers. M.a.w. in jou kop. Ons wag altyd vir die Here om op 'n bonatuurlike wyse met ons te praat terwyl Hy al lankal Sy wil in ons binneste gegee het.

Waar jy jouself ookal bevind – droom groter drome.
Laat toe dat Sy Gees jou verwagtinge opwek in jou gees.
Skud alle onsekerheid af en strek jouself uit na dit wat jy moet bereik!

# Genade

**2 Korinthiërs 12:9** *"En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, (menende, dit is al wat jy nodig het) want My krag word in swakheid volbring..."*

Die Griekse woord "charis" word in ons teks gebruik en beteken "onverdiende guns." Dank God vir Sy genade wat Hy aan ons daagliks gee – dit is voorwaar genoeg vir ons.
Terwyl 'n prediker besig was om die evangelie te verkondig het iemand hom in die rede geval en gevra watter genade het God aan Stefanus gegee terwyl die mense besig was om hom met klippe dood te gooi? Sy antwoord was: "Genade om vir sy vyande te bid." Hierdie treffende verhaal van Stefanus se steniging sal jy vind in Hand. 7:55-60.
Jy en ek is gered uit genade. Efes. 2:8,9: *"Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit is nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit werk nie, sodat niemand mag roem nie."* Hoekom probeer ons dan om onsself te red?
Genade is nie net 'n leerstelling in die Bybel nie, genade is die Evangelie. Genade is 'n persoon en Sy Naam is Jesus Christus! *"En uit Sy volheid het ons almal ontvang, ja, genade op genade."* (Joh. 1:16) God se genade is soos die branders van die see, die een brander het nog nie klaar gebreek nie, dan volg die volgende een.
Daar is niks wat jy kan doen dat God jou liewer sal kry nie en daar is niks wat jy kan doen dat Hy jou minder sal liefhê nie. Hulle wat onder die wet is moet gedurig werk om te verdien, maar hulle wat onder genade is geniet wat Jesus reeds bereik het. Genesing en voorsiening is genade en nogmaals genade. Niks gaan oor verdienste nie.

Ek gee graag genade, want ek het baie genade nodig.
Tel weer al jou seëninge dan sal jy sien alles is genade.
Voel jy swak? Weet dat Sy genade genoeg is en dat Sy krag in jou swakheid volbring word.

# Jy hoef nie te boet nie

**Psalm 34:23** *"Die Here verlos die siel van Sy knegte; en almal wat by Hom skuil, hoef nie te boet nie."* (1953 vertaling)
Die Boodskap: *"Die Here red almal wat Hom dien se lewe. As jy op die Here vertrou om jou op te pas, sal Hy jou nie veroordeel nie."*

Ek weet nie hoekom ons altyd geneig is om skuldig te voel oor so baie dinge nie? Hierdie Skrifgedeelte stel dit duidelik dat ons nie hoef te boet nie, want as ons by die Here sal skuil (Hom sal vertrou om ons op te pas) sal Hy ons beslis nie veroordeel nie. Ek is bly dat daar nog 'n teks is wat hierdie een ondersteun en dit is Rom. 8:1 naamlik: *"Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie..."*
In Jesus Christus is ons vrygespreek van enige veroordeling – glo dit finaal in jou lewe!
Moenie wees soos Gideon en van jouself min dink nie. In Rigters 6:15 sê hy dat sy geslag die swakste is en dat hyself die geringste is in sy familie. Dit is nogal nadat die Engel van die Here vir hom gesê het in vers 12: *"Die Here is met jou, dapper held!"* God sien Gideon as 'n held. (Die "New King James" praat van "mighty man of courage")
Jy moet ook nooit jouself aankla nie. Ons lees in Sag. 3 hoe die duiwel, vir Josua die hoëpriester, aangekla het. As jy bereid is om te boet vir enige ding is jy besig om die duiwel te help in sy vuil werk.
As kind van God is jy duur gekoop deur die kosbare bloed van Jesus Christus. Al wat jy moet doen is om te sorg dat jy by die Here skuil, soos ons teks dit stel.

Sien jouself soos God jou sien en nie soos jy jouself sien nie. Alle oortreding wat jy bely het is deur God vergewe en vergeet. Jy hoef nie te boet nie – Jesus het jou skuld ten volle betaal!

## Ons het toegang

**Efésiërs 2:17,18** *"En Hy (Jesus) het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was; want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader."*

Die Lewende Bybel: *"Hy het vir ons die goeie nuus gebring dat Hy vrede bewerk het. Sy vrede is vir julle wat ver van God af was en vir ons wat naby aan Hom was. Christus het dit vir albei groepe moontlik gemaak om na God toe te kom, gelei deur dieselfde Heilige Gees."*

Uit ons teks leer ek die volgende boodskap: Die wat ver van Hom af is en wat naby Hom is – het toegang tot Hom. Wonderlik! God is vir geen mens onbereikbaar nie.
In die Ou Testament vind ons dat priesters en profete toegang tot God gehad het. Daarom vind ons dat selfs konings hulle moes vra om God te nader.
Jy en ek is bevoorreg, want die bloed wat Jesus Christus gestort het op Gólgota, gee ons vrymoedigheid om in die Here se teenwoordigheid te mag kom. (Heb. 10:19)
Onthou hierdie toegang kry ons deur geloof in Jesus Christus. (Rom. 5:1,2) Al is God verhewe bo ons as mens het ons toegang om Hom te nader soos wat 'n kind sy vader mag nader. Moet nooit twyfel aan hierdie waarheid nie.
Moenie bid asof God ver van jou af is nie – want Hy is nie. Betoon natuurlik respek want Hy is nie 'n mens nie maar ons ewige Vader. Kyk weer na Heb. 4:16 en tree so op: *"Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word."*

Jy het toegang tot God – bid met groter vrymoedigheid.
Jy is duur gekoop deur Jesus se bloed en is Sy oogappel.
Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal deure vir jou oopsluit.

## Wees Profeties

**1 Kor. 14:3** *"Maar hy wat profeteer, spreek tot die mense woorde van* ***stigting*** *en* ***troos*** *en* ***bemoediging****."*
Die Lewende Bybel: *"...as iemand 'n boodskap van God oordra, praat hy met mense, en dit versterk hulle en gee hulle moed en troos."*

As ek jou vra om "Profeties te wees" dan vra ek jou om toe te sien dat elke woord wat jy teenoor mense uitspreek, woorde sal wees wat stig, troos en bemoedig.
Elke mens wat 'n profetiese boodskap aan 'n gemeente gee moet ook let op ons teks.
'n Profetiese woord hoef nie op 'n dramatiese wyse te geskied nie. Inteendeel ek dink ons maak baie geestelike dinge te dramaties terwyl God bedoel het dit moes heel natuurlik wees. Sodra ons by geestelike dinge kom dan kry jy mense wat soms baie eienaardig optree en onnatuurlik praat. Wees asb. net jouself en wees natuurlik.
Ja, ek weet dat 'n profetiese woord van God kan soms as 'n vermaning kom, maar ek weet ook dat dit toegdraai sal wees met God se liefde. God wil nie ons as Sy kinders vernietig nie, maar ons opbou en versterk in ons geloof. Indien jy dus oortuig is dat jy vir iemand 'n woord het, dink goed na hoe jy dit gaan oordra. Toets dit met ons teks van vandag. Indien jy nie mense versterk en moed gee vir die lewe nie, moet jy eerder swyg en nie praat nie.

Die Here wil jou gebruik om 'n woord aan iemand te bring.
Raak stil in jou hart sodat jy sal hoor wat dit is en vir wie.
Stig, troos en bemoedig iemand – en ewe skielik profeteer jy!

## Die vuur mag nie doodgaan nie

**Levitikus 6:13** *"Vuur moet gedurigdeur op die altaar aan die brand gehou word; dit mag nie doodgaan nie."*

Die priesters in die Ou Testament moes sorg dat vuur op die altaar gedurigdeur aan die brand gebly het. Elke keer as iemand 'n brandoffer gebring het, moes daar vuur op die altaar gewees het. (vers 9)
Sien in jou gees 'n Israeliet op pad na die tempel met sy offer. Hy is in nood, want hy moet vandag sy offer aan God bring. Maar dan kom hy by die tempel en vind daar is geen vuur nie! Vind ons nie iets soortgelyks vandag in die kerk nie? Mense kom om hul offers aan God te bring maar daar is nie "vuur" in die kerk nie. "Vuur in die kerk" spreek van God se teenwoordigheid. God het by die inwyding van die tempel met vuur gewys dat Hy daar is. Ons lees in 2 Kron. 7:1 *"En net toe Salomo sy gebed voleindig het, het die vuur uit die hemel neergedaal en die brandoffer en die slagoffer verteer."*
Ons kerkleiers is verantwoordelik om toe te sien dat daar "vuur" in die kerk moet wees. Natuurlik gee God hierdie vuur, maar ons het verseker 'n bydrae wat ons moet lewer. Nooit, net maar nooit, moet mense in ons dienste opdaag wat aan God wil offer en hul gewaar nie God se teenwoordigheid nie. Mense behoort uit ons dienste te stap en getuig dat hulle met God ontmoet het. Kerkleiers moet toesien dat dit wel gebeur. God se vuur het trekkrag. (Ex. 3:2) Kerke sal weer oorloop as God se vuur daar brand. Nog iets wat God se vuur doen is om te openbaar soos wat ons lees in 1 Kor. 3:13. Steek maar 'n bos aan die brand dan sal jy sien hoe vlug spinnekoppe en slange!

Rom. 12:11 *"Moenie vir een oomblik verslap in julle diens aan die Here nie. Nee laat die Gees julle met sy krag aan die brand steek sodat julle voluit vir God kan leef."*
Besluit om die Here te dien met 'n vuur in jou hart.

**Getoets en gekeur**

**Psalm 17:3** *"U het my hart getoets, dit in die nag ondersoek, U het my gekeur, U vind niks nie; wat ek ook dink, my mond oortree nie."*

Dit is goed om gedurig jouself te ondersoek, soos wat Paulus dit stel in 2 Kor. 13:5: *"Ondersoek julself of julle in die geloof is; stel jouself op die proef..."*
In van die Engelse Bybels word 'n woord soos "refine" gebruik om iets soos goud skoon te kry en te toets hoe suiwer dit is. Op 'n ander plek vra Dawid die Here die volgende in Psalm 26:2: *"Toets my, Here, en beproef my, keur my niere en my hart."*
Wanneer ons ernstig raak om getoets en gekeur te word, maak ons soms ondekkings wat ons nie van hou nie. Maar hoe heerlik is dit net nie wanneer jy deur 'n toetstyd gaan in jou lewe, en jy besef (deur Sy genade) het jy die toets geslaag. Dit is dan dat jy die ou lied in oorwinning kan sing, naamlik "Dit is wel met my siel"
Ons word baie keer getoets deur die Bybel wanneer God deur Sy woord met ons praat. Maar ons word ook getoets wanneer ons deur 'n tyd van siekte gaan. Soms word ons getoets as 'n finansiële terugslag ons getref het. Miskien ervaar jy dat jy tans getoets word deur een van genoemde omstandighede, of selfs iets anders?
Mag jy kan uitroep soos Job uitgeroep het in Job. 23:10 toe hy getoets was: *"Want Hy weet hoe my wandel is; as Hy my toets, sal ek soos goud te voorskyn kom."*

As God jou deur enige toets sit, wil Hy jou nie vernietig nie.
Hy wil die mooi en suiwer deel van jou sterker na vore bring.
Mag jy deur elke toets deur God gekeur word!

# Ambassadeurs

**2 Korinthiërs 5:20** *"Ek is Christus se ambassadeur hier op aarde. Ek verteenwoordig Hom op elke plek waar ek kom. God praat deur my met julle almal. Ek smeek julle in die Naam van Christus, laat toe dat God die vyandskap tussen Hom en julle wegvat. Aanvaar hierdie versoening as 'n geskenk uit Sy hand."* (Die Boodskap)

'n Ambassadeur is die hoogste diplomatieke verteenwoordiger wat in 'n vreemde land namens sy regering optree. Dit is 'n betroubare volwasse persoon wat sy land ten alle tye beskerm en ook beskerming bied vir almal wat in die Ambassade hul sou bevind. Daar is 'n internasionale ooreenkoms dat in tye van oorlog en gevaar burgers van 'n land veilig skuiling kan gaan soek in hul Ambassade.

Jy en ek is ambassadeurs vir Christus. Op die hoogste vlak verteenwoordig ons die koninkryk van God. Ons moet altyd kant kies by die geestelike waardes waarin ons glo.

Wees ook 'n ambassadeur en bied beskerming vir hulle wat aan God behoort. Laat elke gelowige altyd veilig voel in jou teenwoordigheid, en beskerm hulle met jou lewe.

Paulus stel dit in ons teks dat ek Christus moet verteenwoordig op elke plek waar ek my bevind. Dit sluit die volgende in: In my besigheid, op die sportveld, in die politiek, in die vermaaklikheids-wêreld, in die onderwys, (dit sluit ook in waar ek studeer) in die mediese-wêreld en enige sosiale en opheffingswerk. Maak nie saak waar ek my bevind nie – moet ek uitstaan as God se verteenwoordiger terwille van Sy Naam.

As Sy ambassadeurs moet ons altyd 'n boodskap van versoening verkondig.

Van ons hoofopdragte is om vrede te maak, en vrede te hou.

*"Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word."* (Matt. 5:9)

## Gee met ‘n ruim hart

**Spreuke 11:24** *"Daar is een wat ruim uitdeel en nog meer kry, en een wat terughou meer as wat reg is, maar tot sy gebrek."*

Die Lewende Bybel: *"Daar is mense wat baie weggee en tog altyd meer bykry. Maar daar is ook mense wat suinig is, en dan op die ou end self gebrek ly."*

Een van die mooiste voorbeelde wat wys dat ons Skrifgedeelte waar is vind ons in die verhaal toe Elia gestuur is na Sarfat, waar hy ‘n arm weduwee ontmoet het. Ons lees hierdie verhaal in 1 Konings 17:8-16. Lees dit gerus weer met aandag.
Daar was groot hongersnood in die land en daar was geen reën. Toe Elia in Sarfat kom, vind hy ‘n weduwee besig om ‘n paar houtjies op te tel. Hy het haar water gevra en ook sommer bygevoeg dat sy vir hom ‘n stukkie brood moes bring. Haar antwoord was dat sy net ‘n bietjie meel en olie gehad het. Sy sou vir haar en haar seun ‘n broodjie gebak het en daarna weet sy sou hulle van honger sterwe. Elia vra haar iets eienaardigs en dit is om eers vir hom iets te gee om te eet voordat sy en haar seun sou eet. Dan kom die wonderlike profetiese woord deur Elia: *"Want so sê die Here, die God van Israel: Die meel in die pot sal nie opraak en die olie in die kruik sal nie minder word nie, tot op die dag dat die Here reën op die aarde gee."* Hierdie vrou was bereid om weg te gee wat sy gehad het. As sy suinig was, sou sy en haar seun geëet het, maar dan gesterwe het. Omdat sy bereid was om te gee het sy meer gekry as wat sy voorheen besit het. Jy sal altyd meer kry as wat jy gee.

Wanneer die Here dit op jou hart plaas om te gee, moenie terug hou nie.

*"Gee, en aan julle sal gegee word. ‘n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is sal hulle in julle skoot gee."*
(Lukas 6:38)

## Die Trooster

**Johannes 14:16** *"En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid; die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees."*

Die rede dat hier hoofletters gebruik word wanneer Jesus verwys na die Heilige Gees, is omdat die Gees deel is van die drie-eenheid. Kom ons dank God vir die Heilige Gees. In Joh. 15:26 lees "The Amplified" Bybel, soos volg: *"But when the Comforter (Counselor, Helper, Advocate, Intercessor, Strengthener, Standby) comes, Whom I will send to you from the Father, the Spirit of Truth Who comes (proceeds) from the Father, He (Himself) will testify regarding Me."* As ons Trooster gee Hy ons raad, help Hy ons, staan Hy vir ons op in die gereg, gee Hy vir ons krag wanneer ons dit nodig het – ja, ondersteun Hy ons in alles.
Volgens Joh. 16:8 oortuig Hy ons van sekere dinge. Maar Hy kla ons nie aan of Hy veroordeel ons nooit nie. Geen wonder dat Paulus geskryf het in Rom. 8:1: *"Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees."* Die Boodskap stel dit soos volg: *"Goeie nuus! God se oordeel is vir altyd verby vir elkeen wat aan Christus Jesus behoort."* Wat 'n wonderlike trooswoord is dit net nie. Het jy gehoor? God se oordeel is vir altyd verby vir jou wat aan die Here behoort!

Besef die Heilige Gees is elke oomblik by jou – eintlik in jou is. Glo Hy is jou Raadgewer, jou Helper en jou Advokaat. Omdat Hy "die Gees van die waarheid" is, sal Hy jou in waarheid lei.

## Bid met vrymoedigheid

**1 Johannes 3:21,22** *"Liewe vriende, as ons gewete ons nie aankla nie, kan ons met vrymoedigheid na God toe gaan. Hy gee ons wat ons ook al van Hom bid omdat ons Sy bevele gehoorsaam en doen wat Hy graag wil hê."* (Lewende Bybel)

Vrymoedigheid gee ons 'n skoon gewete wanneer ons bid asook in ons daaglikse lewe. Dit gaan nie oor om 'n volmaakte lewe te leef nie, maar om 'n gehoorsame lewe.
Neem tyd om te luister na die Heilige gees wat in jou hart met jou praat. Wanneer Hy jou vra om iets te doen moet jy dit doen. Doen dit wat die Here gelukkig sal maak en dit sal jou help om met vrymoedigheid te kan bid.
In 1 Petrus 3:7 word elke man geleer om verstandig met sy vrou te leef. Die Boodskap verduidelik die woord "verstandig" beter, wanneer dit soos volg lees: *"Jy moet altyd mooi optree teenoor jou vrou en haar nie seermaak of ongeskik met haar wees nie."* Indien jy volgens hierdie teks leef sal jy vrymoedigheid teenoor God hê en kan jy weet dat die Here jou gebedes sal verhoor. Aan jong getroudes gee ek altyd hierdie goeie raad: *"A happy wife, is a happy life."* Dit het nog altyd vir my gewerk.
Vrymoedigheid is iets wonderliks en sal altyd beloon word. (Heb. 10:35) Ons lees ook in Heb. 4:16: *"Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word."*

Maak jou hart oop teenoor God – Sy troon is 'n genade-troon.
As jy na God gaan, moet jy niks terug hou nie.
Hy wil jou nie vernietig nie, maar wil jou help en jou te seën.

## God gee openbarings

**Daniël 2:21,22** *"Hy bepaal die koers van alles en almal in die wêreld. Hy haal konings uit hul magsposisies en stel ander in hul plek aan. Hy gee kennis en insig. Hy maak geheime dinge bekend. Hy weet wat in die donker gebeur, maar Hyself word deur die lig omring."* (Die Boodskap)

Hierdie woorde het Daniël aan Nebukadnésar gesê toe hy die koning se droom van die beeld moes verklaar. Dis treffend dat Daniël eers sy drie vriende bymekaar gekry het om saam God te vertrou vir die regte uitleg. (verse 17-18) Dank God vir die krag van saamstem in gebed. (Matt. 18:19)
Die Afrikaanse Bybel: *"Hy openbaar ondeurgrondelike en verborge dinge..."* The Living Bible sê: *"He reveals profound mysteries beyond man's understanding."*
As daar ooit 'n tyd is dat ons openbaringe van God nodig het, dan is dit in die tyd waarin ons lewe. Ek hou van die woorde in ons teks: *"Hy bepaal die koers van alles in die wêreld..."* Ja, Hy wil ook jou koers bepaal indien jy gewillig is om Hom toe te laat.
God kan alles openbaar. Wat my altyd tref is die wyse hoedat God soms met ons wil praat en ons rigting wil gee. Dink daaraan hoe God 'n esel gebruik het om aan Bileam Sy wil te openbaar. En in ons Skrifgedeelte gebruik God 'n heidense koning om te openbaar wat Hy in die laaste dae gaan doen. As jy 'n openbaring van die Here soek moet jy nie skrik as Hy op 'n onbekende manier met jou wil praat nie.
Mag die Here openbaring gee rakende ons land se probleme, veral t.o.v. ons elektriese krag en die slaggate op ons paaie. Indien jy glo Hy kan dit doen – bid daaroor!

Het jy 'n vars openbaring nodig in jou werk en besigheid?
Gaan dit oor ernstige besluite wat jy moet neem?
Spreuke 16:3: *"Laat wat jy doen, aan die Here oor, dan sal jou voornemens geluk."*

# Die 4 Pilare in die Huwelik
## Efesiërs 5:22,25,31,33

*(Opgesom) "Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig...Manne, julle moet jul eie vroue liefhê...die man (moet) sy vader en moeder verlaat, en sy vrou aankleef (dit praat van eenheid)...en die vrou moet die man eerbiedig."*

Die eerste pilaar is onderwerping. Vers 22: *"Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here..."*
Vroue ontspan! As jy jouself onderwerp aan jou man moet hy vir jou sorg en jou beskerm.
Die opdrag aan die man is dat hy sy vrou moet liefhê. Hy kry nie 'n keuse nie. Die Boodskap stel vers 25 soos volg: *"Vir die man wil ek die volgende sê: Jy moet jou vrou liefhê; wees lojaal teenoor haar en kom jou verpligtinge teenoor haar na..."*
As die man verlang dat God sy gebede sal beantwoord moet hy mooi werk met sy vrou. Ons lees in 1 Petrus 3:7: *"Net so moet julle manne verstandig met hulle saamlewe en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys,...sodat julle gebede nie verhinder mag word nie."*
Eenheid is nog 'n pilaar. Eenheid word goed beskryf in verse 31,32. In die huwelik moet man en vrou mekaar "aankleef" – dit is asof hulle soos "gom" geheg moet word.
Jesus verklaar in Markus 3:25: *"...as 'n huis teen homself verdeeld is, kan daardie huis nie bly staan nie."*
Die vierdie pilaar is respek. As respek verdwyn in die huwelik sal dit in duie stort. In Die Boodskap word alles opgesom in vers 33: *"...elke man moet sy vrou net so liefhê as wat hy homself het, en die vrou moet die man respekteer."*

"Sy is nie gemaak uit sy hoof om bó hom te wees nie.
Ook nie uit sy voete om deur hom vertrap te word nie.
Sy is gemaak uit sy sy, om onder sy arm te wees en deur hom beskerm te word, ook na aan sy hart om deur hom bemin te word."

## Hulle in wie die Gees werk

**Numeri 27:18** *"Toe sê die Here aan Moses: Neem vir jou Josua, die seun van Nun, 'n man in wie die Gees is; en lê hom die hand op..."*

God soek mense wat Hy wil gebruik. Maar dit moet mense wees in wie Sy Gees werk. Hulle in wie die Gees werk is mense wat in hul diepste wese deur Hom verander word. Ons dink aan wat Samuel vir Saul gesê het, toe God hom geroep het om as koning oor Israel te heers. 1 Sam. 10:6: *"En die Gees van die Here sal oor jou vaardig word, sodat jy saam met hulle (die profete) sal profeteer en in 'n ander mens verander word."*
Net God se Gees kan 'n werklike verandering bring in ons harte. Indien ons onsself wil verander maar nie toelaat dat die Heilige Gees ons hierin help nie, sal dit niks baat nie. Gee dus jouself oor aan God se Gees dat Hy die heiligmakende werk in jou lewe doen. Sy Naam is "Heilige Gees" en hoe meer Hy in jou werk, hoe meer sal Hy jou heilig.
As die Gees in jou werk begeer jy God se teenwoordigheid. Omdat Josua toegelaat het dat God se Gees in hom werk, wou hy graag tyd met God spandeer het. (Lees Exodus 33:11)
Begeer jy geestelike outoriteit en mag? Lees gerus wat met Josef gebeur het in Egipte. Farao het die volgende van Josef gesê: *"Daarop het Farao aan sy dienaars gesê: Kan ons wel iemand vind soos hierdie man in wie die Gees van God is?"* (Gen 41:38-43) Omdat God se Gees in Josef gewerk het was hy aangestel as tweede gesag in Egipte.
Hulle in wie die Gees werk is oorgegee om, soos Paulus, hul roeping met blydskap uit te leef. (Hand. 20: 22-24)

Begeer jy dat Sy Gees in jou werk? Dan moet jy 'n dors daarvoor hê soos wat ons lees in Joh. 7:38,38.
*"Hy wat in My glo; soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo."*

# Waaraan wil jy geken word?

**2 Konings 3:11** *"En Josafat vra: Is hier nie 'n profeet van die Here, dat ons deur hom die Here kan raadpleeg nie? Toe antwoord een van die koning van Israel se dienaars en sê: Hier is Elisa, die seun van Safat, wat water op die hande van Elia gegiet het."*

Van al die vertalings, het die 1953 vertaling my sterk aangespreek toe ek verstaan dat Elisa vir Elia daarin gedien het deur selfs sy hande te was. Jesus het nog baie meer gedoen en verder gegaan deur Sy dissipels se voete te was. (Joh. 13)
Elisa was vir 55 jaar 'n magtige profeet in Israel, en sy leermeester was Elia. Toe Elia met 'n wa van vuur lewendig opgeneem is hemeltoe, het Elisa 'n dubbel deel van die gees wat op Elia gerus het begeer. (2 Kon. 2:9) As ons 'n studie maak van die wonders wat hierdie twee godsmanne gedoen het, sal ons vind dat Elisa presies tweekeer soveel wonders as Elia gedoen het. Elisa was so kragtig dat selfs lank na sy dood het sy dooie bene 'n jongman lewendig gemaak. Ons lees daarvan in 2 Kon. 13:20,21.
Ek weet nie waaraan wil jy geken word nie, maar ek dink Elisa het 'n mooi voorbeeld aan ons gestel. As jy met jong teologiese studente sou praat sal jy vind van hulle wil 'n apostel of profeet wees wat magtig deur God gebruik word. Dit is mooi om te sien daar is mense wat kragtig deur die Here gebruik wil word. Ek dink die beste "bediening" vandag is om 'n ware "broer en suster" te wees – ja, iemand wat bereid sal wees om ander se hande en voete te was. Mag hierdie woorde 'n uitdaging wees vir jou en my.

As jy getrou is in die minste, sal God jou aanstel oor meer.
Wees 'n beskikbare en nederige kanaal wat God kan gebruik.
Moet nooit "klein dingetjies" in die lewe verag nie. (Sag. 4:10)

## Trane is vir God kosbaar

**Psalm 56:9** *"U het my omswerwinge getel; hou my trane in U kruik; is hulle nie in U boek nie?"*

Die Boodskap: *"U weet deur hoeveel pyn en hartseer ek al is. My trane sal 'n dam volmaak. U het daarvan boek gehou..."*

Vandag se boodskap is vir hulle wat baie trane stort en wonder of God daarvan kennis neem. Daarom praat ek met jou oor Dawid wat gevang was deur die Filistyne en sy lot by die Here gekla het. In dié tyd het hy baie geween voor die Here – en was bewus daarvan dat God kennis dra van sy trane – asook dat God daarvan boek gehou het.
Daar is 'n legende dat in daardie tyd dit die gewoonte was dat mense by 'n begrafnis hul trane in 'n kruik opgevang het, en dit dan saam met die oorledene gegrawe het.
Om trane te stort is nie verkeerd nie. Jesus het geween toe Hy naby Jerusalem gekom het en die stad se toestand aanskou het. (Lukas 19:41) Hy het ook geween by die graf van Lasarus. (Joh. 11) Paulus het geween oor Efese. (Hand. 20:31) *"Daarom moet julle waak en onthou dat ek drie jaar lank nag en dag nie opgehou het om elkeen met trane te vermaan nie."* Indien jy iemand sou vermaan, sorg dat daar trane in jou oë sal wees. Jeremia het trane begeer wanneer hy gedink het aan sy volk wat van God afvallig geword het. In Jer. 9:1 skryf hy: *"Ag, was my hoof maar water en my oog 'n fontein van trane! Dan sou ek dag en nag beween die wat verslaan is van die dogter van my volk."* Wanneer jy hoor van 'n kind van God wat gesondig het, moet jy soos Jeremia kan uitroep en beslis nie saampraat nie, maar ween voor God vir sy/haar herstel.

'n Geestelike werker van Die Heilsleer (Salvation Army) het hul hoof Generaal Booth gekontak en gesê dat hy alles probeer het in die gemeenskap waar hy werk, maar geen resultate gekry het nie. Generaal Booth het hom geantwoord: *"Probeer trane."*

## Wees oorvloedig om te gee

**2 Korinthiërs 8:7** *"Julle blink uit op so baie gebiede. Kom ek noem net 'n paar: julle geloof is baie groot. Julle is glad nie bang om oor God te praat nie. Julle het baie kennis oor Sy woord. Julle is regtig toegewyd in julle geloof. Boonop blink julle ook uit in die liefde van Christus wat ek aan julle verkondig het. Kan ek dan nou die volgende versoek tot julle rig? Blink asb. ook uit wanneer dit by hierdie geldinsameling vir die arm Christene in Judea kom."* (Die Boodskap)

2 Kor. 8 en 9 bly vir my 'n besondere gedeelte. Dit gaan daaroor dat Paulus die Grieke leer om, selfs uit hul armoede, te gee vir die behoeftige gelowiges in Judea.
Paulus prys die gemeente in Korinthe oor die wyse hoe hul glo en dat hulle nie skaam is om vir Christus te getuig nie. Ook dat hulle 'n goeie kennis het van God se woord en "uitblink" in hul liefde teenoor mekaar. Maar dan vra hy hulle *"Blink asseblief ook uit wanneer dit kom om te gee aan die arm Christene in Jerusalem en omgewing."*
Om by te dra tot 'n gemeente se uitgawes; om te gee aan sendingwerk; om te gee aan 'n bediening en selfs om te gee aan iemand wat swaarkry – bly 'n groot seën. Dit is dan geen wonder dat Paulus geskryf het in Hand. 20:35: *"Dit is saliger om te gee as om te ontvang."* M.a.w. dit is meer geseënd om te gee as wanneer jy ontvang.
Wat my getref het is dat daar vroue was wat bygedra het tot Jesus se bediening op aarde. Van hierdie vroue was deur Jesus genees en bevry van bose geeste. Lukas 8:3 vertel ons dat hierdie vroue...*"Hom almal met hulle besittings gedien het."* The Living Bible sê: *"Many others who were contributing from their private means to the support of Jesus and His disciples."*

Jy moet 'n besluit neem om 'n gewer te kan wees.
Jy hoef nooit te wag totdat jy baie het voordat jy sal gee nie.
*"Wealth is not how much you possess, but how much you give."*

**Werklikheid en Waarheid**
**Johannes 8:32** *"En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak."*

Die lewe gaan oor werklikheid en waarheid. Werklikheid is bv. dat jy siek kan wees, en dat jou siekte 'n sekere naam het. Maar die waarheid is dat deur Jesus se wonde jy genees is, soos wat ons lees in 1 Pet. 2:24: *"...deur wie se wonde julle genees is."*
In die Bybel is baie voorbeelde wat ons die verskil wys tussen werklikheid en waarheid. In Markus 5 vind ons Jaïrus, die owerste van 'n sinagoge, wat Jesus gesmeek het om sy sterwende dogtertjie te kom aanraak. Die werklikheid was dat sy dogtertjie siek was, en selfs gesterf het. Maar die waarheid was dat toe Jesus by haar gekom het, het Hy haar opgewek en gesond terug gegee aan haar vader.
Terwyl Jesus op pad was om hierdie dogtertjie op te wek het 'n vrou, wat vir twaalf jaar aan bloedvloeiïng gely het, gekom en Jesus se kleed aangeraak. Die werklikheid was dat sy ernstig siek was en ook nie die reg as vrou gehad het – veral met die tipe siekte wat sy gehad het – om op straat te veskyn nie. Die waarheid was dat toe sy Jesus se kleed aangeraak het, het haar bloeding onmiddellik gestop. Sy was totaal genees!
Ek weet nie wat vir jou vandag 'n werklikheid in jou lewe is nie? Maar ek weet dat die waarheid is dat God in een oomblik jou omstandigheid kan verander. Want by God is alle dinge moontlik – Hy is die hoorder en antwoorder van gebed. Glo dit van harte.

Geen probleem nie! Jy kan wel kennis neem van 'n werklikheid in jou lewe.
Maar asseblief neem kennis dat daar ook 'n waarheid is, waarvan jy moet weet.
Glo altyd die waarheid – wat opgeteken is in elke belofte van God se woord.

## Luister na mede-gelowiges

**Handelinge 21:4** *"En nadat ons die dissipels gevind het, het ons daar sewe dae gebly; en hulle het vir Paulus deur die Gees gesê om nie op te gaan na Jerusalem nie."*
Die Lewende Bybel: *"Ons het die Christene daar gaan opsoek en 'n week lank by hulle gebly. Hulle het vir Paulus gesê die Heilige Gees wys vir hulle hy moet nie na Jerusalem toe gaan nie."*

Ons kan verseker meer luister na ander Christene – veral hulle wat naby die Here leef. Hierdie waarheid verstaan ons in die woorde van ons teks: *"...hulle het vir Paulus deur die Gees gesê om nie op te gaan na Jerusalem nie."* In 'The Amplied Bible' lees ons teks: *"Prompted by the Holy Spirit, they kept telling Paul not to set foot in Jerusalem."*
(To *"prompt"* someone means to make them to do something – Collins Dictionary) 'The Living Bible' vertaal dit soos volg: *"These disciples warned Paul – the Holy Spirit prophesying through them – not to go on to Jerusalem."* Selfs Agabus, as profeet, het Paulus gewaarsku oor Jerusalem. (Hand. 21:8-13) Daar moet 'n rede wees dat hierdie Skrifte in die Bybel is? Ek is ook oortuig dat dié woord vandag vir iemand bedoel is, naamlik: Leer om te luister na mede-gelowiges.
Dit kan gevaarlik wees as ek dink dat ek alleen 'n openbaring van die Here ontvang het. Natuurlik kan die Here persoonlik met ons kan praat – maar ek is oortuig dat God al hoe meer met ons wil praat deur mede-gelowiges. Toets dus die openbaring wat jy in jou hart het ook met ander gelowiges.

Paulus se lewe sou anders gewees het as hy geluister het na ander Christene. Onthou: Dit was 'n groep gelowiges (nie een persoon nie) wat Paulus gewaarsku het.
Voordat jy 'n finale besluit neem oor 'n saak, luister gerus na mede-gelowiges.

**Jesus die gekruisigde**

**Galasiërs 3:1** *"Dit lyk my julle klomp Galasiërs het intussen die kluts heeltemal kwytgeraak. Ek begin my afvra of iemand julle nie dalk getoor het nie. Vroeër is die goeie nuus so duidelik aan julle verkondig dat julle Jesus Christus met julle eie oë aan die kruis kon sien hang. Wat het intussen skeefgeloop?* (Die Boodskap)

Dit is so dat ons nie meer 'n Jesus aanbid wat aan 'n kruis hang nie, want Hy leef as Koning van al die konings! Maar ons moet nooit vergeet wat Hy vir ons aan die kruis van Golgotha gedoen het nie. Vir Paulus was die boodskap van die kruis baie kosbaar. Ons dink aan wat hy geskryf het in 1 Kor. 2:2 *"Ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde."*
Paulus se prediking aan die Korinthiërs was nie met menslike wysheid nie, maar soos wat hy skryf in vers 4: *"...my prediking was...in die betoning van gees en krag..."* Hoekom was dit so? Omdat hy Jesus Christus se versoening aan die kruis gepreek het. Dit is dié soort prediking wat vandag nog die verskil gaan maak in mense se lewens.
By die kruis word die werklike "self" geopenbaar. Pilatus se opskrif bó-aan die kruis van Jesus het presies gesê wat hy geglo het: *"Jesus, die Nasarener, die koning van die Jode."*
Elke persoon wat kom kniel by die kruis se "ek" sterf. Dit is dan dat jy kan uitroep soos Paulus in Gal. 2:20: *"Ek is met Christus gekruisig, en "ék" leef nie meer nie, maar Christus leef in my..."* Kan jy dit ook van harte sê?

By die kruis van Jesus was alles volbring wat ons nodig het.
Daarom kan Hy volkome red die wat tot God gaan. (Heb. 7:25)
Deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom. (Jes. 53:5)

## By God is alles moontlik

**Matthéüs 19:26** *"...By mense is dit onmoontlik, maar by God is alle dinge moontlik."*

Dié deel gaan oor 'n ryk jongman wat aan sy rykdom vasgeklou het. Jesus sê toe dat dit makliker was vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te gaan as vir 'n ryk man om in die hemel te kom. Verder sê Jesus: *"...maar by God is alle dinge moontlik."*
Ons dien die God wat vir Israel droogvoets deur die Rooisee gebring het. Wie vir hulle water uit 'n rots voorsien het en vir 40 jaar, elke dag, brood (manna) uit die hemel gegee het. Ja, die God wie die bekke van leeus vir Daniël toegesluit het en vir sy drie vriende 'n vurige oond kragteloos gemaak het, sodat hulle nie verbrand het nie.
Ek het gelees van 'n jong soldaat wat gedurig verneder was omdat hy in God geglo het. Eendag wou die kaptein hom weereens verneder voor die troepe. Hy het aan hom die sleutels van 'n Jeep gegee wat hy iewers moes parkeer. Sy reaksie was dat hy nie kan bestuur nie. Die kaptien se woorde was: "Wel, vra dan hulp van jou God, en bewys aan ons dat Hy bestaan!" Die jong soldaat het die sleutels geneem en na die Jeep gestap, terwyl hy tot God gebid het. Hy het die voertuig aangeskakel en geparkeer net soos hy gevra was om te doen. Die kaptein het na die Jeep gestap en die enjinkap oopgemaak en aan almal gewys dat daar geen enjin in die voertuig was nie! Net daar het hy en al die troepe begin huil – terwyl die jong soldaat God gedank het.

God kan die 'elektriese krag probleem' van ons land oplos. God is by magte om die waarde van ons Rand te herstel. Ons moet nooit twyfel wat God kan doen nie – Hy is die God van die onmoontlike.

## Depressie kan jou knak

**Spreuke 17:22** *"Vreugde en geluk is goed vir jou gesondheid. Depressie kan jou knak."* (Die Boodskap)

"Depressie" beteken teneergedruktheid van die gemoed.
Wat kan ons doen om vry te kom van om depressie – vry te kom van stres?
Die heel eerste is om te identifiseer wat veroorsaak hierdie bedruktheid in jou lewe. Want jy kan alleenlik jou probleem aanspreek as dit 'n naam het. Gee dit oor aan die Here en vra Hom om jou te help. Spreek dan die probleem aan met die Woord van die Here.
Dit is ook 'n goeie ding om met 'n betroubare vriend/din daaroor te praat. Kry dit van jou hart af en dra jou las nie alleen nie. Besluit om na niks negatiefs te kyk of te luister nie. (Dit sluit TV en Radio in) Luister na goeie musiek – en dit hoef nie net geestelike musiek te wees nie. Maar sorg dat dit musiek is wat vir jou gemoed opbouend is. Weerstaan alle vrees in jou hart. Die meeste dinge wat ons in elk geval vrees, sal nooit gebeur nie! Natuurlik is daar so iets soos gewone vrees. Soos dat jy uit die pad sal spring voor 'n aankomende vragmotor, om jou lewe te red. Maar alle vrees wat jou in jou gemoed wil vasdruk, moet jy weerstaan. God het jou nie 'n gees van vrees gegee nie, maar Hy het aan jou 'n gees van krag, liefde en selfbeheersing gegee. (2 Tim. 1:7)

Ontwikkel 'n blymoedige hart, want dit sal soos hemelse medisyne wees vir jou siel.
The Amplified Bible: *"A happy heart is good medicine and a cheerful mind works healing, but a broken spirit dries up the bones."*

# Leef as mense van die lig

**Efesiërs 5:8** *"Vroeër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is julle lig. Leef dan as mense van die lig."*
Die Lewende Bybel: *"Julle lewe was ook eers donker, maar noudat julle aan die Here behoort, is julle in die lig. Maar hierdie lig moet gesien word in alles wat julle doen."*

Wat ookal om jou gebeur besluit om te leef as iemand wat die lig van hierdie wêreld is. In Matt. 5:14 het Jesus dit soos volg gestel: *"Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie."* Niks moet die lig in ons uitdoof nie.
Al voel jy soms dat die lig in jou, brand nie so helder nie, moet jy weet dat die lig in jou baie groter is as die geestelike donkerheid van hierdie wêreld. Die kleinste lig in die donkerste vertrek maak tog 'n verskil. Hulle wat kwaad doen is mos nie lief vir die lig nie. Jesus het gesê in Joh. 3:20: *"Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie."*
Al wat jy en ek as Christen moet doen is om oral waar ons kom die lig aan te skakel. Een manier om *"lig aan te skakel"* is deur positief te praat en mense te bemoedig. Toets dus die woorde wat uit jou mond kom, want Spr. 18:21 sê: *"Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet."*
Soos wat God by die skepping gesê het daar lig moet wees – net so kan jy en ek deur die woorde wat ons spreek lig bring in mense se lewens.

Moet nooit die krag wat daar in ons woorde is, onderskat nie.
Besluit om vandag lig aan te skakel met jou woorde.
Jou woorde het krag om 'n deurbraak vir iemand te bring.

# Glo jy kan

**Filippense 4:13** *"Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."*

The Amplied Bible: *"I have strength for all things in Christ Who empowers me. [I am ready for anything and equal to anything through Him Who infuses inner strenght into me; I am self-sufficient in Christ's sufficiency."]*

Dr. Myles Munroe het gesê: *"The people who change the world are people who have taken "impossible" out of their dictionaries. Whenever God gives you responsibility, He also gives you the ability to meet that responsibility."*
As daar 'n Skrif in die Bybel is wat jy met jou hele hart moet glo, dan is dit Filippense 4:13. Moenie dink iets kan nie gedoen word, omdat dit nie voorheen gedoen was nie.
Moenie dink jy kan nie iets bereik omdat jy nie geld het of al die kennis het om dit te doen nie. Moenie jou gedagtes "blok" en jouself keer om 'n doel te bereik nie. Laat ook nie vrees toe dat jy sal faal nie. God het jou nie 'n gees van vrees gegee nie maar van krag, liefde en selfbeheersing. (2 Tim. 1:7) Volgens Gen. 1:26-28 het God jou 'n heerser gemaak en beslis nie 'n verloorder nie.
Daar is ongekende krag in ons. Ek onthou die dag toe 'n neef van my onder 'n motor (wat gerol het) ingekruip het en dit opgelig het om sy broer, wat vasgedruk was, uit die wrak te haal. Menslik was dit onmootlik om so-iets te doen. Daar is meer krag in jou as wat kan dink – net só is daar meer potensiaal in jou as wat jy kan droom.

Moenie min van jouself dink soos Gideon nie,
God het in hom 'n "dapper held" gesien. (Rigter 6:12-16)
Sê vir jouself: *"Ek kan omdat Christus vir my die krag sal gee."*

# Laat God jou toekoms bepaal

**Spreuke 16:9** *"Die hart van die mens dink sy weg uit, maar die Here rig sy voetstappe."*
Die Lewende Bybel: *"In 'n mens se gedagtes beplan jy wat jy gaan doen, maar dit is die Here wat 'n mens se toekoms bepaal."*

God het 'n plan vir elkeen van ons – tog gee Hy ons 'n vrye keuse dat ons mag droom. Wees net altyd bereid dat Hy jou voete stuur in dié rigting wat Hy die beste weet.
God gee ons 'n doel in ons harte maar verduidelik nie altyd die proses wat ons moet volg om daardie doel te bereik nie.
Ons teks leer ons dat God ons "voetstappe" rig – nie al die "spronge" wat ons neem nie.
Daar is nooit 'n vinnige manier na God se visie vir ons nie. Hy neem ons stap-vir-stap en Hy neem ons dag-vir-dag. Soms gaan dit deur baie beproewinge en weerstand.
Baie keer raak ons ongeduldig met die pad wat die Here ons neem, omdat ons haastig raak om ons doel te bereik. Ons moet altyd onhou dat Sy gedagtes is nie ons gedagtes nie en Sy weë is nie ons weë nie. (Jes. 55:8)
Om ons teks beter te verstaan lees ons in "The Amplified Bible" dat ons al ons planne moet oorgee aan die Here. Hy neem dan ons planne en laat dit ooreenstem met Sy wil en Sy gedagtes. So word ons planne (wat nou eintlik Syne is) in sukses omskep. Lees vir jouself Spreuke 16:3 in bogenoemde vertaling om dié waarheid self te ontdek.

Bly droom – maar laat toe dat die Here jou toekoms bepaal.
Bid soos volg: "Laat U koninkryk kom en laat U wil geskied"
Gee dus al jou planne oor aan Hom indien jy sukses wil bereik.